
# Die Verbondsboodskap

DIE BYBEL VANDAG



Die artikels in hierdie uitgawe is geskryf teen die agtergrond dat God bedoel het wat Hy sê en presies gesê het wat Hy bedoel. As dit aanvaar word, word dit klaarblyklik dat sekere aspekte van die Bybelonderrig nie aan sy doel beantwoord nie, byvoorbeeld: die Godsbeloftes wat bedoel is om al die volkere van die aarde tot seën te wees, en wat spesifiek tot Israel (Gen. 18:18), God se volk (Jer. 31:35) gerig is. Dit is nie van toepassing op die Jode wat volgens Rabynse gesag 'n kosmopolitiese godsdienstige gemeenskap is nie.

Die uitgewers van hierdie tydskrif glo dat die Anglo-Sakse en die aanverwante volke van Noordwes-Europa. Die afstammelinge van Israel is en dat Suid-Afrikaners, met hulle ryk geestelike erfenis, 'n deel van dié volk is. Ons is nie alleenlik die geestelike afstammelinge van Abraham nie, maar letterlik dié van die vadere aan wie God sy Beloftes gemaak het. Ons glo verder dat God sy Spesifieke Doelstelling het om uit te voer ten opsigte van die mense van Suider-Afrika, en totdat hierdie Doel bereik is, sal ons bewaar bly.

Die uitgewers is geensins sektaries nie, aangesien lede van hierdie organisasie uit al die Christelike Protestantse Kerke kom. Ons mikpunt is om die volksverantwoordelikheid van God se mense teenoor God en sy Wêrelddoelstellinge by hulle tuis te bring.

*** *** *** *** ***

INHOUD


ABRAHAM WAS NIE'N JOOD NIE

PROFETIESE BOODSKAPPE

LET OP DIE FYNDRUK

DIE WAPENRUSTING VAN SATAN

VALLEI VAN DIE DOOD

ONS GENETIESE ERFENIS

WIE OF WAT IS DIE MENS ?

WIE IS DIE SWART MAN ?



*Uitgewers:*
*THE FEDERATION OF THE COVENANT PEOPLE*
Posbus 3178, Johannesburg 2000.


## ABRAHAM WAS NIE 'N JOOD NIE'


Alvorens ons die herkoms van Abraham bespreek, moet ons duidelikheid oor die betekenis van die woord ,,Jood'' kry. Volgens die Bybel dui die woord nie op 'n spesifieke ras nie ,,en baie van die volke van die land het Jode geword, want die skrik vir die Jode het op hulle geval'' (Ester 8:17). Dit is dus vanselfsprekend, selfs vir die mees oningeligte, dat 'n mens nie jou ras kan verander en 'n lid van 'n ander word nie. Burgerskap en geloof kan verander word, en dit is presies wat met die woord ,,Jood'' te kenne gegee word. In die Nuwe Testament, wat oorspronklik in Grieks geskrywe is, word die inwoners van Judea, met die woord ,,Jood'' aangedui. Die geloof van die Judeërs was Talmodies – interpretasies van die Skrif – en is deur Christus gekontrasteer toe Hy die Fariseërs berispe het dat hulle die Woord van God deur hul tradisies vernietig het. Die Engelse betekenis van die woord ,,Jood'' dateer uit die 18e eeu A.D. en is 'n vertaling uit die Grieks wat beteken ,,Judeër'' (Young en Strong se Concordances).

Gedurende die leeftyd van Abraham was daar nie so 'n land soos Judea nie en ook geen geloof soos die Joodse godsdiens nie (Gal. 1:13,14). Hoe kon hy dan 'n Jood gewees het? Abraham was 'n Hebreër, 'n familienaam gegee aan die afstammelinge van Eber wie se voorsaat Sem, die seun van Noag was, en wie se familielyn vanaf Adam kontinuïteit toon. Die Bybel erken nie die Joodse geloof gedurende Abraham se tyd nie. Dieselfde geld vir Isak, Jakob en sy 12 seuns. Dit is eers in 536 v.C. dat die woord Jood, as Engelse woord in die Bybel voorkom. Dus is dit totaal foutief om van Abraham as 'n Jood te praat.

As ons die Bybelse betekenis van die woord ,,Jood'' aanhang, en nie moderne politieke betekenis nie, word die onmoontlikheid dat enige van die Patriarge Jode kon gewees het, 'n voldonge feit.

*** *** *** *** ***

# PROFETIESE



# BOODSKAPPE

Alte dikwels soek die kinders van God om hulle heen na tekens en wonderwerke en miskien juis omrede die tyd daarvoor aangebreek het. Die Woord van God hoort egter nader ondersoek te word omrede dit nou ook die tyd is wanneer al hoe meer van die Heilige Skrif geopenbaar sal word; kosbare geestelike waarhede is daar in oorvloed te vinde. Maar net soos die goud en die juwele van die aarde met moeite ontgin word, so is die intieme boodskappe van die Bybel dikwels ook verborge en kan hulle slegs langs die weg van dieper besinning en deur middel van betragting en nabetragting verstaan word.

Jesus het die skare wat Hom volg met bejammering bejeen – ,omdat hulle soos skape sonder herder was' (Mark. 6:34). Wat word hier aan ons vertel? Baie. Geen ander dier is so hulpeloos of kan so maklik op dolle vlug gejaag word soos die skaap nie. As gevolg van hul gebrekkige gesigsvermoë onderskei hulle ook nie geredelik tussen jakkals en skaaphond nie, en as een van hulle oor 'n krans spring, spring die ander skape eenvoudig saam. 'n Herder is derhalwe vir hulle onontbeerlik.

Die skaap, oftewel skape is die sinnebeeldige voorstelling van Israel en gedurig staan die simbool in die teken van die Liefde van God vir Sy Volk. En die Herder van die skape, in die Heiligste Simboliek is die Lam van God.

Ons sien ook dat die vis as simbool van Israel 'n belangrike rol speel. Die wonderwerk wat Jesus doen wanneer Hy die 5 000 mense met 5 brode en 2 visse voed hoort mens dadelik tot nadenke te prikkel. Die Apóstel Mattheüs is meer spesifiek; volgens hom is daar 5 000 duisend manne met hul vrouens en kinders, d.w.s. tussen 12 000 en 13 000 mense altesaam. Soos ons weet, dra alles wat die Heer doen by tot die daarstelling van ons lewensraamwerk, maar dikwels is Sy woorde en werke profesie belaaid. Wat skuil agter die wonderwerk? Volgens Dr. E.W. Bullinger het die syfer ,5' betrekking op die Genade van God. Die brode, of altans die brood, herrinder aan die woorde van Jesus: ,,Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het . . . Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe . . ." (Joh. 6:51,54).

Die 5 000 (of 12 000) is baie min in vergelyking met die ontelbare massa van die verspreide volk, d.w.s. die 12 stamme van Israel. Die 12 mandjies kos wat opgetel is na die maaltyd, versinnebeeld die 12 stamme en dat daar genoeg ‚lewende brood' vir hulle en al hulle násate sal wees, vanaf Jesus se leeftyd tot Sy Wederkoms. Terloops kan dit genoem word dat die Eindtydperk bekend staan as die tydperk van genade. Ware dissipels van die Heer is daar nog steeds in elke geslag, om Sy volk met die lewensbrood te voed. Dit is opvallend dat die oorgrote meerderheid van Christene nog altyd uit die vertakkings van die 12 stamme kom. Maar die rede weet ons. In Matthéüs 1:21 word ons duidelik vertel: ,, . . . . wat dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sal verlos.'' Sy volk, verneem ons uit Jakobus 1:1, is die ‚12 stamme wat in verstrooiing is'. Ons verneem natuurlik verder van die ‚verstrooiides' uit die sekulêre geskiedenis. Binne die bestek van hierdie artikel kan ongelukkig nie verder op dié geskiedenis uitgebrei word nie.

Hoewel die dissipels die brood – simbool van die goeie tyding dat Jesus ons sondes dra – uitdeel, is dit Jesus self wat die visse uitdeel. Die visse simboliseer die verbonde van die Ou en die Nuwe Testamente. Die Bybelse Boodskap in sy totaliteit is die ‚vaste spys' (Heb. 5:13-14), (Engels: ‚the meat of the Word'). Tenspyte van die feit dat Jesus en die dissipels voortdurend na Moses en die Profete verwys, of hulle aanhaal, gebeur dit maar selde dat moderne predikers enige aandag aan die Ou Skrifte bestee. Moderne prediking is inderwaarheid veels te dikwels die ‚melk' waarvan in Hebreërs gepraat word. Slegs diegene wat vir die hele waarheid van God ontvanklik is, d.w.s. beide die Ou en die Nuwe Skrifte kan die ‚vaste spys' gebruik, of ontvang. Slegs die laasgenoemdes is die opgewassenes wat werklik tussen goed en kwaad kan onderskei. Dit is die rede waarom hedendaagse prediking dikwels van so min praktiese waarde is en waarom mense meestal in die ‚melk' stadium van hul Christelike lewe gefikseer bly.

Op die vraag, ,,Hoekom word die visse as simbolies van die Ou en die Nuwe Testament beskou?'' – is die antwoord dat beide Testamente visse gebruik om die volk van God te versinnebeeld. Die vis-simbool is vir honderde jare deur die vroeë Christene bewaar en veral het dit as identifiseringsteken in tye van gevaar en vervolging gedien.

In Genesis 48:14-19 vind ons 'n merkwaardige profesie ten opsigte van die twee seuns van Josef, naamlik Efraim en Manasse. Eerstens mag hulle die naam van hulle grootvader, Israel, dra en albei sou ‚vermeerder in die land in menigte'. Hierdie laaste woorde uit die oorspronklike Hebreeus beteken volgens die ‚Speakers Commentary' (Vol.5 bl.106), ‚om te vermenigvuldig soos visse menigvuldig'. Derhalwe verwys die Profeet hier na die ‚vermenigvuldiging van Israel' soos ‚die menigvuldiging van visse'. So word na Israel as die ‚vis nasie' verwys en deur die eeue heen is die vis nog steeds die ware simbool van Israel.

In dieselfde Skrifgedeelte word dit ook voorspel dat die nakomelinge van Efraim 'n ‚menigte van nasies' sou word. Ongeveer 1 800 jaar later skryf die Apostel Paulus ,, . . . dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het'' (Rom. 11:25). Die Griekse woord wat hier as ‚heidene' vertaal is, is ETHNOS, en sou as ‚nasies' meer korrek vertaal wees. In dié geval val daar 'n nuwe lig op die profesie. Die woord ‚verharding' word in die Engelse Bybel as ‚blindness' aangegee. Jesaja verwys ook na die blindheid van Israel. Wat Paulus in die teks sê is dat Israel verhard (of verblind) sou bly totdat die volle aantal nasies tot stand gekom het. Die oorspronklike woorde van Paulus is inderwaarheid die volmaakte Griekse weergawe van ‚'n menigte van nasies', soos dit in Genesis voorkom. Dit blyk dat Paulus na die vervulling van hierdie profesie uitgesien het. Sy sendingswerk onder die sogenaamde ‚heidene' is in die werklikheid dus die Evangeliebediening onder *die nasies of volkere wat afstammelinge van die twee seuns van Josef is.* Die mense wat Paulus besoek is dus nie ‚heidene' nie maar wel *die menigte nasies volgens die profesie oor Israel.* Dit dien ook gemeld te word dat volgens die Sendbriewe van die Nuwe Testament die Apostels aan die ander Israelse stamme ook besoek gebring het,

soos Jesus hulle opdra om te doen. Eeue voor die koms van Christus, nadat die Assiriërs verslaan is, het hierdie stamme (van die Noordelike Koninkryk van Israel) uit Assirië begin trek na ander herbergsame dele.

Dit word deur sommige beweer dat die Ou Testament waarin dit oor die Israelse nasie gaan nou uitgediend is en dat slegs die Nuwe Testamentiese Boodskap, wat kerk-gesentreerd is, belangrik is. Dit word verder ook beweer dat God die afvallige Israeliete uiteindelik opsy gewerp het en met die Nuwe Testament 'n nuwe plan in die lewe roep waarin die kerk die sentrale rol speel. Hiermee word gesuggereer dat God nie by magte is om Sy Planne ten uitvoer te bring nie; met ander woorde Hy is niks beter as die mens nie. Die onnodige argument oor die twee Testamente val weg wanneer die Belofte van God in dié opsig in aanmerking geneem word. Die geskiedenis van die Kerk is die geskiedenis van die insameling van Sy volkere. Uit Jeremia 31:10 verneem ons hiervan: ,,Hy wat Israel verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n herder sy kudde" (weer die skaap-metafoor). Dié profetiese boodskap het met die koms van Christus in vervulling gegaan; Jesus, die Groot Herder van God se Skape vir meer as 1 900 jaar al!

Ons het vroeër van die twee visse as verteenwoordigend van die ,vaste spys' van die Woord gepraat. Jesus het self hierdie vlees van die Woord versprei. Nog meer: Hy het dit aan die dissipels gegee, om deur hulle uitgedeel te word. Wat word hiermee aangedui? Eerstens dat net die Gees van Christus alleen die vlees van die Woord kan bedien en tweedens dat sulke vlees slegs deur dissipels ontvang kan word. Wie is Sy dissipels? 'n Dissipel is een wat nie alleen die brood van die lewe tot sy volkome redding ontvang het nie maar ook 'n dissipel is: ,,Een wat hom bereidwilliglik onderwerp aan die volle dissipline van die Gees van Christus in sy lewe".

Die menigte wat versadig is deur die 5 brode en die 2 visse van die wonderwerk stel dan die mensheid voor wat hul geestelike voeding uit die hande van dissipels van Jesus ontvang. Maar die boodskap gaan verder. Geen dissipel of dienaar van Christus kan die vlees van die Woord bedien nie; diegene wat die ,vaste spys' ontvang moet direk na die Meester Homself gaan: ,, . . . die twee visse het Hy onder almal verdeel".

Na die wonderbaarlike voeding van die skare ,dwing' Jesus Sy dissipels ,om in die skuit te gaan en vooruit te vaar na die oorkant, na Betsáida, onderwyl Hy die skare wegstuur. Daarna het Jesus na die berg gegaan om te bid'. Dié paar woorde vervat die profetiese reis van Israel weswaarts deur Europa – na die Britse Eilande, die Kusstreke van Europa asook na Noord-Amerika en Suid-Afrika. Let wel, die dissipels mog geen ander rigting gaan nie; Jesus dwing hulle om met die skip oor die see na Betsáida te gaan. Die Hebreeuse woord ,Betsáida' beteken ,die huis van voorsiening', met ander woorde by implikasie die plek waar lewensmiddele volop is. Die woord beteken ook ,skietveld' of ,jagveld'. Aangesien jagtogte nie in stede uitgevoer word nie, moet ons aanneem dat die wildernis hiermee geimpliseer word. Ten einde die wildernis te bereik moet hulle noodwendig oor die see vaar en hiervoor is voorsiening gemaak; daar is 'n boot tot hulle beskikking. Dink hieroor na. Die volk van God het uit Palestina na die Eilande en die kusstreke beweeg, die Eilande van die profesië en die kusstreke van Europa. Hiervandaan versprei hulle – weer oor die see – na Noord-Amerika en na Suid-Afrika lande wat ryklik van lewensmiddele voorsien is. Beide hierdie lande kan tereg as ,jagvelde' bestempel word en as wildernisse en onontginde wêrelde is hulle betrek. Jesaja bring die Woord van God aan ons oor: ,,Kyk ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis" (Jes. 43:19). In Jeremia 31:2 lees ons: ,,Die volk van diegene wat van die swaard vry geraak het, het genade gevind in die woestyn", en weer in Openbaring 12:6: ,,En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sal onderhou . ." Die vrou as simbool van Israel is betekenisvol en staan in noue verband met die profesië en dikwels word van ,die dogters van Jerusalem' gepraat ook in verwysing na die 12 stamme van Israel.

Dan gaan Jesus na die berg om te bid (vers 46). Hy het Homself dikwels op dié wyse van die wêreld afgesonder, maar hierdie keer is die reis simbolisties en 'n integrale deel van dié profesie, een van die intense momente wat Jesus op aanskoulike wyse uitbeeld. Die berg versinnebeeld Sy Hemelvaart (die Hemel, oftewel die berg van Die Vader se Regering oor die univers) waar Hy voortdurend vir ons bid. Mens dink hier aan Romeine 8:34: ,, . . . Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree." Jesus het vir ons so geleer bid: ,, . . . laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde . . ." Dit is tot hierdie berg, of koninkryk in die hemel, waar Jesus later heengevaar het (Hand. 1:9-11) wat hier profeties uitgebeeld word. Hy neem afskeid van Sy dissipels en gaan na die berg om te bid.

Sy dissipels roei met groot moeite ,,want die wind was teen hulle". Die wind stel die magte en die vyandigheid van die wêreld voor, en die voortdurende aanslag op Sy kinders, die dissipels. Hulle worstel met die bose magte van die satan om by die koninkryk uit te kom. Satan woed al hoe kwaaier. Juis op hierdie tydstip wanneer die aanslag op sy ergste is, sal Jesus ingryp om Sy kinders te red. Markus het vertel: ,, . . . Hy het gesien dat hulle swaar kry met roei . . . En omtrent die vierde nagwaak het Hy na hulle gekom . . . En toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gemeen dat dit 'n spook was en hard uitgeskreeu . . . en was ontsteld."

Dit is betekenisvol dat die Griekse woord ,peri-pateo' wat hier as ,loop' aangegee word, letterlik ,rondom loop' beteken. Jesus het werklik rondom hulle bootjie geloop en naby hulle gebly. Die woord wat in dié geval ,loop' aandui word ook vir ,trap' gebruik en word in Lukas 10:19 gevind: ,,Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap . . ." asook in Openbaring 19:15: ,, . . . Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God." Die profetiese betekenisinhoud van die toneel is nou duideliker. Die dissipels, met ander woorde die volk van God is in dié bootjie, presies waar Jesus hulle gedwing het om te wees. Die woeste golwe wat hulle heen-en-weer slinger, stel die mensheid en die bittere onrus voor. Maar, Jesus wat van die Vader af terugkeer bly voortdurend naby; Hy loop rondom die worstelendes; Hy hou hulle binne die sirkel van Sy beskermende Teenwoordigheid en terselfdertyd *trap Hy die bose magte wat in die veroordeling oor die mensheid losgelaat is.*

Dit is juis die ,trap' van die ,parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God' wat die ontstuimige winde oor die mensheid laat waai. 'n Groot en vertroostende les! Rondom ons streef die mens om dit wat Hy opgebou het te behou. Jesus Christus stuur veroordelingswinde maar terselfdertyd ,trap' Hy ook die euwels en die onheil; dit is die geweldige stryd tussen Jesus en die magte van die duisternis wat oor die mensheid heen woed. Maar, net soos in daardie angsvervulde nag so lank gelede, is Sy Belofte steeds dieselfde.

Dan verneem ons verder: ,,En hy het by hulle in die skuit geklim, en die wind het gaan lê; en hulle was by hulleself uitermate verbaas en verwonderd. Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhard was" (Grieks – hulle gees was verstomp). Dit sal ook ons ondervind aan die einde van hierdie teenswoordige tydvak. Jesus sal kom, die magte van Satan sal vertrap wees. Weereens sal Hy in ons midde wees en die storms sal uiteindelik bedaar. Sonder twyfel is daar van God se eie kinders wat ,uitermate verbaas' sal wees dat hulle nie oor die wonder van die brode gedink het nie.



*** *** *** *** ***

# DIE FYNDRUK!

Die van ons wie al 'n kontrak aangegaan het, met enige iemand, in enige verband, sal goed kennis dra van die belang om 'n deeglike studie te maak van wat bekend staan as die fyndruk op die agterkant. Dit hoef nie noodwendig aan die agterkant te wees nie, maar iewers sal die lewensbelangrike voorwaardes en spesifikasies wat deur die ondertekenaar nagekom moet word, aangeteken wees. Dit maak nie saak of die kontrak die voorwaardes vir bouery, 'n reis, huur, kope, verkope of enige ander iets oplê nie. Bewaar die ondertekenaar wie dit nalaat om sy verpligtinge noukeurig en met insig te lees. Die verskoning ,,Ag, ek is jammer, ek het dit nie gelees nie'', sal nie aanvaar word nie en u sal uself in die gevangenis bevind totdat die laaste sent vereffen is.

Die woord in die Bybel wat die idee van 'n ,,kontrak'' oordra is ,,verbond''. Beide die oorspronklike Hebreeus en Griekse woorde wat vertaal word as ,,verbond'' is na verwant aan die ideë van uitsit of verkies. Die stam vanwaar die Hebreeuse woord verkry is, beteken ,,om te oes'' en by nadere ondersoek sal u merk dat dit ook die betekenis is vir ,,verbond'', ,,kontrak'' of ,,verdrag wat onderskeidelik saamkom'', ,,saamtrek'' en ,,saambelowe'' beteken. Of dit in Hebreeus, Grieks of Engels gelees word, die betekenis bly: God soek of oes Sy mense wie nader en nader na Hom kom deur 'n ooreenstemming. Die kontrak is nie net alleen met ons nie, maar ons is ook 'n deel daarvan: Ons is die uitgesoekte materiaal met wie God Sy doel wil verwesenlik.

Ons weet dat God 'n kontrak aangegaan het met Sy mense. Dit is duidelik bevestig in die Heilige Skrif en elders, terwyl die feite van die verbond al herhaaldelik beklemtoon is. Dit is egter nie my voorneme om oor dié aspekte van ons geloof uit te wei nie, hoewel dit van uiterste belang is. Aan die anderkant moet daar nie 'n misverstand wees omtrent die feit dat die ooreenkoms wat God met sy mense aangegaan het, volbring moet word nie. Dié ooreenkoms kan onmoontlik nie feil nie – God se eer is op die spel as deel van die kontrak. Niks kan meer gewis wees as die feit dat die spesifikasies (die fyndruk) nie uit die oog verloor moet word nie. In God se verbond, soos ook in enige mensgemaakte kontrak, moet die fyndruk noukeurig uitgevoer word of die betrokkene sal deeglik aan die pen ry tot die spesifikasies nagekom is.

Die implikasie hiervan is duidelik: Ons, as Israel, gehoorsaam nie die wette nie. God se verbond moet vervul word en die tyd sal aanbreek dat God ons op die regte weg sal dwing ter wille van Sy Eer. Dit sal voorwaar 'n onaangename ondervinding wees en hoe langer ons talm om ons deel te doen, hoe meer krag sal gebruik word om ons op die regte weg te dwing.

Die regte weg is aan ons gewys. Die fyndruk op die agterkant is aan ons gegee en dit is ons taak om dit versigtig te bestudeer, inderdaad versigtiger as die bouplanne van ons eie huis, aangesien 'n kamer in Godswoning van veel groter waarde is as 'n paleis vir die teenwoordige. Ons het talle stellings van die basiese grondbeginsels. Ons het hoofstukke en hoofstukke van verduideliking, vereenvoudiging en kodifisering van die basiese beginsels deur God, die profete en deur Jesus Christus. Ons weet van die probleme waarmee ons voorvaders te kampe gehad het. In die Ou Testamentiese geskiedenis is talle voorbeelde van die gevolge as die Tien Gebooie nie nagekom word nie. Volgens God se Eie Woord: Deut. 11:26-28: ,,Kyk, ek hou julle vandag seën en vloek voor – die seën as julle luister na die gebooie van die Here julle God wat ek julle vandag beveel; en die vloek as julle nie luister na die gebooie van die Here julle God nie, maar afwyk van die weg wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.'' Die weg is gewis aan ons gewys en dit hang van onsself af of ons dit gaan volg.

Neem sorgvuldig hiervan kennis. Ek verwys hierdie woorde nie na ons familie betrekkinge hier en in Brittanje, Kanada, Australië en elders nie. Dit het direk betrekking op u en my, ons van die Federasie Verbond, wie onsself erken as mense wie deur God regeer word.

Spreek Stefanus die eerste martelaar nie tot ons as hy in Handelinge 7:51-53 sê: ,, . . . . Julle hardnekkiges en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het die gedood wat vooraf die koms verkondig het van die Regverdige, van wie julle nou verraaiers en moordenaars geword het; julle wat die wet deur die beskikkinge van engele ontvang het en tog nie onderhou het nie!'' Ons is almal van voorneme om God se gebooie na te volg, maar ons moet ons nie laat mislei deur te dink dat dit al is en dat dit dood eenvoudig is nie. In Matt. 7:13,14,20, lees ons: ,,Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.'' Vra uself af wat die wil van die Vader is. Die antwoord hierop moet wees om Hom lief te hê en Sy gebooie te gehoorsaam.

Wanneer 'n mens 'n kontrak gesluit het en sake begin skeefloop, is dit gebruik om die hulp van 'n advokaat in te roep. Hy is geskool in die taal en vertolking van kontrakte en moet help om die aangeleentheid uit te sorteer. As tevredenheid nie op dié wyse verkry kan word nie, is die howe tot ons beskikking. Die oorspronklike advokate wie se taak dit was om die Wette van God aan Sy volk te vertolk, die oortreders te vermaan en om God se vergifnis oor te dra, was die geslag van Levi. Hulle het net soveel as onsself verlore geraak in die ,,Verstrooiing''. Die huidige ekwivalente hiervan, die biskoppe, priesters en predikante van did ,,kerk'' is waardeloos vir ons. In werklikheid het die herders self die skape laat verdwaal. Ons word nie eers geseën op die oorgeskrewe wyse soos neergelê in Númeri 6:22-26 nie: ,,En die Here het met Moses gespreek en gesê: Spreek met Aäron en sy seuns en sê: So moet julle die kinders van Israel seën deur vir hulle te sê: Die Here sal jou seën en jou behoed; die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.'' Telkens wanneer 'n mens 'n kerk besoek, na 'n foto kyk of 'n nuusblad lees, sien 'n mens bewyse van hoe hulle ons van die pad laat afdwaal het. As gevolg van hierdie verkeerde leierskap op geestelike gebied aan die kant van ons herders, word ons aan onsself oorgelaat om die fyndruk van God te bestudeer.

Daardeur word ons hoegenaamd nie vrygespreek van die verantwoordelikheid en dringende noodsaaklikheid om insig te verkry in die besonderhede van God se plan vir Sy Koninkryk nie. Lees in dié verband Lev. 20:22-26, en as u nog oortuiging nodig het, gaan voort, soos ek vertrou u sal, en lees Lev. 26:14-17. Ons moet week in Gods Woord, anders . . . .

Die eerste stap in die proses van insig in Gods Woord is om onsself bekend te maak met alles wat Hy sê – sodanig dat ons dit kan voordra of uitskryf. Sommige van ons mag geseën wees met 'n goeie of fotografiese geheue, maar vir die meeste van ons sal dit bloedsweet kos om onsself te onderrig. Dit kan egter gedoen word. Ons het al gehoor van mense wat 'n hele hoofstuk of selfs 'n hele boek van die Bybel kan voordra. Dít en nog meer behoort ons doelwit te wees en hiervoor het ons moed en deursettingsvermoë nodig.

Wanneer ons soveel bekendheid en insig in Gods Woord verkry het as waartoe ons in staat is, moet ons ons daarop toelê om die wet op 'n spesifieke onderwerp toe te pas. Dikwels kan 'n mens nie logies oor 'n saak redeneer voordat dit nie neergeskryf word nie. Sakemanne kan gerus 'n opname maak van die Wette wat betrekking het op die wyse waarop 'n besigheid bestuur moet word. Op dié wyse kan 'n mens se eie optrede met die ideaal vergelyk word. Boere kan dieselfde doen – onthou die ,,rusjare'' vir u grond! Werkgewers en werknemers notuleer al die Wette wat u kan vind wat betrekking het op die pligte teenoor en behandeling van u diensknegte. Kinders en ouers, vaders en moeders, mans en vrouens jonk en oud, die Bybel verwys na al die hoedanighede en ons moet dit ons doel maak om te weet wat van ons verwag word. Ons het almal ons vryetyd, hoe bring ons dit deur? Ons het almal geld, hoe spandeer ons dit?

Die moeilikste stadium is moontlik waar ons 'n bietjie selfondersoek moet doen. Wanneer 'n mens iets geskryf het, kan 'n mens

slegs die waarde daarvan bepaal deur dit te publiseer. Hiermee word nie publikasie vir die algemene publiek bedoel nie, maar eintlik sirkulasie tussen 'n mens se vriende, of nog beter, 'n mens se vyande. Publikasie in boek- of pamfletvorm is natuurlik 'n goeie doelwit. D.m.v. sirkulasie kry 'n mens 'n goeie objektiewe mening oor 'n mens se eie werk.

Ek het gesê stuur aan jou vyande wat jy geskryf het. Hierby bedoel ek nie dat ons alles moet pos aan Aartsbiskop Hurly of President Kosygin nie. Ek bedoel vyande in die ware Bybelse sin – dit is daardie Israeliete van wie ons nie hou nie, nie mee oor die weg kan kom nie, maar vir wie ons gebied word om lief te hê en goed voor te wees. Ek dink u sal by verre die mees eerlike opinie kry van so 'n vyand as van 'n vriend. Hier is 'n bewering waarmee ek vet in die vuur gooi, maar ek bedoel dit, en ek dink jy moet goed op jou hoede wees teenoor wat genoem word outomatiese goedkeuring. Outomatiese goedkeuring is wat jy kry wanneer 'n persoon jou werk gelees het en homself die moeite gespaar het om 'n deeglike studie daarvan te maak of onwillig is om te sê wat hy werklik dink omdat hy bang is om jou gevoelens seer te maak of omdat hy nie jou entoesiasme wil breek nie. Daar was 'n tyd toe ek gevoel het dat ons nie daarop geregtig is om ander mense se gevoelens seer te maak nie, maar die tyd vir fyngevoelige gedagtes is verby en die belangrike rol wat ons moet speel is om Reg te wees – met 'n hoofletter R. Ons het per slot van rekening, bewyse van Petrus en Paulus wat verskil het van sienswyse, as ons lees in Galásiërs 3:11: ,,Maar toe Petrus in Antiochië gekom het, het ek hom openlik teegestaan, omdat hy veroordeeld gestaan het". En dan weer in 2 Thes. 3:15 ,, . . . vermaan hom as 'n broeder". Wanneer iemand sy werk na jou bring, kan u tenminste so beleefd wees as hom 'n weldeurdagte opinie te gee. As die beoordeling gunstig is dan is alles wel, maar ek is oortuig daarvan dat alle weldeurdagte opinies ook elemente van kritiek bevat. Wanneer alles gesê en gedoen is, ons almal is menslik, en om menslik te wees, sondig ons. Daar is geen rede waarom twee of drie mense nie saam aparte werke kan skryf oor dieselfde onderwerp en dit daarna vergelyk nie. As enige verdere voorstelle nodig is, wat van die volgende: Skryf 'n kommentaar oor die Heer se Gebed. Skryf 'n gebed per dag vir 'n maand lank. Skryf u eie persoonlike oorsig van die Evangelies. Neem 'n gelykenis in deeltjies. In alle gevalle is 'n goeie Konkordans noodsaaklik, maar moet nie te veel op enige vertaling staat maak nie, gaan alle verwysings na – veral wanneer dieselfde Griekse woord verskeie, verskillende betekenisse aangee, en andersom, en moet nie vergeet om gedurig deur getrou terug te verwys na die Ou Testament nie.

Nou is ek oortuig dat party van ons sal sê dat ons nie die tyd tot ons beskikking het nie, of ons het nie die bekwaamheid om dié soort van ding te doen nie. Dit moet natuurlik uit die staanspoor gesê word dat dit moeilik is om tyd te maak om die vermoë te verkry, maar albei kan gevind word deur Gods hulp. Lê dit op u hart, verder, twee meer uittreksels van Gods Woord. Een begin in Lukas 14:16 en die ander in Mat. 25:14. Lees dit, gaan voort, neem die Bybel en dink weer. Moet nie vergeet nie, dit is nie net ons leiers wat geroepe is nie maar almal van ons om 'n Koninklike Priesterskap en 'n Heilige Volk te wees, u en ek, en mag God ons help om daardie geroepenheid te vervul.

Ons is almal bewus van die verbonde wat God met ons gesluit het, maar daar is die belangrikheid van die Wette wat sowel geken en gehoorsaam moet word. Volgens ons nuwe moderne stelsel, is ons op onsself aangewese om uit te vind wat ons moet doen. Die taak is moeilik, maar met bloed, sweet en trane, moet dit gedoen word want dit is alles baie noodsaaklik, en dit is een manier hoe ons die nodige aandag gee aan God se fyndruk, vir individuele waarde en tenslotte, soos die Here wil, vir die welsyn van die hele volk.

En weer 'n keer, soos geskryf staan in Lukas 17:10: ,, . . . wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen'' en moontlik niks meer as dit nie.

*** *** *** *** ***

# DIE WAPENRUSTING VAN SATAN

,,Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat'' (Open. 2:14-15).

Met die Eerste Koms van Christus was Fariseïsme, oftewel die ,oorlewering van mense' (Markus 7:8), die dominante denkrigting op godsdiensvlak. Terwyl hoofde plegtig oor hierdie mensoorleweringe geknik word, versuim die mens nietemin om die sentrale tema van Fariseïsme agter te kom, dit wat vir die Heer geheel en al onaanvaarbaar is. Die Fariseërs het aan God houdinge toegeskryf wat nie in die Heilige Skrif voorkom nie en ook metafories woorde in Sy Mond gelê wat ongegrond is behalwe in hul eie teologie. In moderne konteks gebeur dieselfde, soos die hedendaagse leerstellinge wat in Sy Naam gepropageer word wel van getuig. Wat God volgens die Bybel ten strengste afkeur, word nou verligte mensliewendheid geag en as bestaanbaar met hulle opvattinge van Sy ,wordende' liefde vir die mens, beskou.

Die teenstrydighede tussen hedendaagse leerstellings en dit wat die Woord van God inderdaad sê word nêrens so goed geïllustreer soos in die teks wat as voorrede tot hierdie artikel dien nie. Sy Boodskap aan die Pérgamus-kerk gee uitdruklik te kenne dat die ,leer van Bíleam' vir Hom net so onaanvaarbaar is as die ,leer van die Nikolaïete – dinge ,wat Ek haat'. Die nuwerwetse gewaad waarmee die Christelike godsdiens deesdae geklee word, staan in die teken van 'n kompromis wat met die sosialiste en hul wêreld-opvattinge aangegaan is, en nog meer, daarmee wil gesuggereer word dat nuwe openbaringe aan die mens gemaak is. Nie alleen word die Ou Testament Skrif in sy totaliteit weerlê nie, maar ook meeste van die Nuwe Testament, die Openbaring van ons Heer wat Hy aan Johannes gegee het, inkluis.

Dit blyk ook dat die mening oor die algemeen gehuldig word dat kort na Sy Hemelvaart 'n nuwe openbaring aan die mens gemaak is, een met geestelike betekenisinhoud en wat die tot-dusver-onthulde Skrifte wel ongeldig maak. Dat sulke bewerings van die mens afkomstig is, is onnodig om te verklaar. Nêrens in die hele rekord van die Heer se Bediening op die Aarde word enige mens geoorloof om op 'n spesiale openbaring aanspraak te maak – een wat volmag verleen om die Eerste Koms van Christus uit konteks te transponeer (Matt. 15:24) en daarvan 'n geestelike een te maak. Maar die Heer het geweet dat na Sy Hemelvaart die verraderlike ,raaisel van die ongeregtigheid' onmiddellik Sy werke sal omhul en verduister. Daarom verskyn Hy 63 jaar later aan Johannes om teen die sondes en die dade wat in Sy Naam gepleeg sou word, en met die verloop van tyd sou toeneem, te waarsku.

Die Heer beskuldig die Pérgamus-gemeente (Open. 2) van Bíleam-navolging. Indien die Heer by 'n vergadering van die Wêreldraad van Kerke sou instap en indien Hy dieselfde woorde aan hulle uiter sal Hy onmiddellik uit die vergadering gejaag word en as ,rassis' bestempel word omdat Hy hiermee integrasie en bloedvermenging (rassevermenging) afkeur; d.w.s. omdat Hy die Balak-doktrine afkeur (Num. 25). Hy sou van onChristelikheid aangekla word omrede Hy die ,leer van die Nikolaïete' haat.– d.w.s. die bekerings-doktrine of proselitisme. Deesdae is dit ondenkbaar dat die Naam van die Here met haat gekoppel kan word en daarom word die woordeboek geraadpleeg om 'n ander woord vir die oorgelewerde Grieks te vind. En ja – ,'n bietjie minder liefhê' klink baie beter en dit is ook meer versoenbaar met hulle emosionele opvattinge van die Heer. Toepassing van hierdie betekenis-substi-

tuut ontbloot onmiddellik hulle valse redenering ten opsigte van die Woord van God: Indien die Here ,die leer van die Nikolaïete' 'n bietjie minder liefhet as die ,leer van Bíleam' . . . En daarmee verdwyn die werklike boodskap.

## Liefde

Eerstens sal op die leerstellinge wat vir die Heer so uiters onaanvaarbaar is, gelet word. Dit sal terselfdetyd 'n goeie doel dien om die Griekse herkoms van die woord ,liefde' na te gaan. Dit is alledaags om te hoor dat solank die mens met sy eie opvattinge ten opsigte van 'n teks tevrede is, dit aan hom geen saak maak wat nog daaroor gesê kan word nie. Diegene wat hierdie houding inneem hoort oor die woorde van die Heer in Matthéüs 7:21-23 na te dink, dié wat in Sy Naam ,die ongeregtigheid werk'. Dit is baie meer voordelig om presies ten opsigte van die Heilige Skrif ingelig te wees.

Twee Griekse woorde word as ,liefde' weergegee, PHILEO en AGAPE, waarmee aangedui word dat dit hier oor twee begrippe gaan. Die woord PHILEO dui op persoonlike elemente en gevoelens terwyl AGAPE die wilsinhoud weergee, die wilsbeoordeling ten opsigte van dit wat opreg en onopreg is. Andersgestel, PHILEO is gelykstaande aan sentimente en emosies, oftewel soos gesê word, die hart, terwyl AGAPE met die logika bemoeid is en derhalwe die verstand.

Die Heer se antwoord aan die ryk jong man wat die ewigheid wil beërwe is: ,Jy moet jou naaste liefhê soos jouself' (Matt. 19:19) en dié woorde word nou vry algemeen as verskoning gebruik vir die moderniste se vorm van naasteliefde. Dit is nagelaat om die woord ,naaste' behoorlik te identisifeer en PHILEO is sondermeer so vertaal. Die woord wat in die oorspronklike Skrif gebruik word is AGAPE en derhalwe word daarmee 'n beroep op die verstand gedoen. Verder is dit ook opvallend dat die woord PHILEO wat sentiment en emosies aandui, sonder uitsondering ten opsigte van die Fariseërs gebruik word. ,Hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in die sinagoges . . . en om deur die mense genoem te word: Rabbi, Rabbi! (Matt. 23:6-7).

## Haat en Liefde

Die Here gebruik die woorde ,haat' en ,liefde' in die gelykenis van die onregverdige bestuurder (Luk. 16) ten einde verenigbare uiterstes te demonstreer. ,Geen dienskneg kan twee here dien nie; want hy sal óf die een haat en die ander liefhê, óf die een aanhang en die andereen verag' (vers 13). Hier word die woord AGAPE gevind; die woord MISEO is as ,haat' vertaal en word deurgaans in die Nuwe Testament gebruik om die woord ,verfoei' te weergee. Die woord MISEO verskyn ook in die Pérgamos-boodskap van Jesus Christus, derhalwe kan Sy verfoeing van die ,leer van die Nikolaïete geensins weggeredeneer word nie.

Dit gaan byna dieselfde met die sinsnede, ,die leer van die Nikolaïete'. Die Nikolaïete is 'n sekte wat gedurende daardie tydperk bestaan het en die stigter daarvan is die proseliet Nikoláüs, ,'n Joodgenoot uit Antiochië' (Hand. 6:5). Besonderhede omtrent Nikoláüs word teruggevind in die oorgelewerde werke van Epiphanus, Jerome, e.a., uit die 4e eeu n.C. Volgens Clement van Alexandria, byvoorbeeld, bring Nikoláüs die idee van totale verontagsaming van die ,dinge van die vlees' met hom mee; d.w.s. hy het die opinie gehuldig dat die liggaam en die feit van rasseverskille ,dinge van die duiwel' is. Daarom moet die liggaam geskend en ,verafsku' word om seker te wees van 'n plek in die Hemel – onsedelikheid verneder die liggaam baie goed. So ver het hy die volkome verontagsaming van die vlees gedra dat, om sy ,kuisheid' te regverdig en die beskuldiging van jaloesie op sy vrou te weerlê, hy sy vrou aangebied het aan enigeen wat haar wou hê. In sy verslag oor die Nikolaïete vertel Theodoret hoe hulle met hierdie visoene van die Hemel voor oë, onbeskryflike immoraliteit en allerlei onbetaamlikhede gepleeg het onder die voorwendsel van die skending van die duiwel en sy wapens!

Dit is die Here Jesus Christus wat gesê het: Aan hulle vrugte sal julle hulle ken'. As mens na die ekklesiastiese geskiedenis wat geestelikes uit daardie tydperk skryf teruggaan, sal die vrugte van proselitisme-sonder-diskriminasie duidelik wees. Die teenwoordigheid van Nikoláüs en ander proseliete in die Jerusalemse-kerk het probleme ten opsigte van

die Wetsbepalinge geskep. In Handelinge 15: 20,29 vind ons die primitiewe of vroeë vorm van permissieweteit in die kerk. Die besluit is geneem dat die nuwe bekeerlinge tot die geloof nie onder die Wet sou val nie, met die voorbehoud dat hulle ,hul moet onthou van dinge wat deur die afgode besoedel is en van hoerery . .' (Hand. 15:20). Hoe meer proseliete ingewin word hoe meer verswak die situasie binne die Kerk totdat die Wet uiteindelik in die vergetelheid raak. En, dit is hierdie Wet wat Jesus ons verseker kragdadig sal bly ,totdat die hemel en aarde verby gaan' (Matt. 5:18).

Die ingevoerde gewoontes en praktyke wat aan die proseliete eie was, het met verloop van tyd die Kerk totaal besmet; uitspattighede en orgieë was aan die orde van die dag. Die toegewings wat die Kerk maak, gee vrye loop aan hulle luste, maar al hierdie dinge is ook deel van die kerk-sisteme wat deur óf Bíleam – óf Nikoláü – doktrines gestaaf is. Hoe mens dit ookal beskou staan die ,leer van die Nikolaïete' in noue verband met proselitisme.

**Die Bergpredikasie**

Let op hoe die Heer in die Bergpredikasie nadruk daarop lê dat die dinge van God met diskriminasie uitgedeel moet word: ,Moenie wat heilig is aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie' (Matt. 7:6). Hierdie vermaning soos heelwat meer van wat die Here sê is nie gewild of aanvaarbaar onder diegene wat daarop aandring om almal en enigeen te bekeer en sodoende 'n groot algemene wêreldgeloof te stig. Terwyl geweier word om Sy Woord te aanvaar, d.w.s. dat proselitisme op dwaalbeginsels berus, word die voorbeeld uit die Ou Testament aangehaal: Daar was nog altyd ,vreemdelinge' onder die Israeliete aan wie bergerregte toegestaan is. Dit word tereg beweer, maar dit moet onthou word dat dit nie sonder voorbehoud is nie; hulle mag nie die Naam van die Here laster nie (Lev.24:16); geen afgode dien nie (Lev. 20:2); geen brood wat met suurdeeg gemaak is gedurende Pasga eet nie (Ex. 12:19) en onder geen omstandighede die bloed of vlees van diere wat aan natuurlike oorsake dood is, of wat deur wilde diere verskeur is, gebruik nie (Lev. 17:10,15).

Daar is ook nog die verdere voorbehoud dat hulle hul aan die besnydenis moet onderwerp voor hulle genaturaliseerde burgers van die land kon word. Dit beteken dus dat vreemdelinge hulle aan die hele Wet moes onderwerp, maar dan word hulle ook die seëninge en voordele van God se Verbondsvolk deelagtig. Dié soort proselitisme geniet die ondersteuning van die Ou Testamentiese outoriteit. Maar voor daar van die proselitisme van die Nuwe Testament gepraat word, moet ook onthou word dat al die voorgenoemde ,vreemdelinge' nie van dieselfde rasseherkoms was nie. Die ,vreemdelinge' wat tot burgerskap kon toetree word in die Hebreeuse taal as GERIM aangedui, terwyl die TOWSHAB (wat ook as ,vreemdelinge' vertaal is) slegs gedeeltelike burgerskap toegestaan is. Die NOKRIY en die ZUWR (nog woorde wat as ,vreemdelinge' vertaal is) word hoegenaamd geen burgerskap toegestaan nie en geen voorsiening word vir hulle verblyf onder die Israeliete gemaak nie.

Onthou, die Here Jesus ondersteun voortdurend al hierdie dinge omdat Hy die Wet van God handhaaf. Daarom gee Hy die mens opdrag om nie dit wat heilig is ,aan die honde te gooi nie'. Of dit nou vir die mens aanvaarbaar is of nie, is dit Sy opdrag dat diskrimineer word; Jesus onderstreep die les en illustreer dit na analogie van die gelykenis van die saaier wat onoordeelkundig met die saad te werk gaan en dit orals verstrooi (Matt. 13).

Vroeër is van die onoordeelkundige proselitisme kort na die Hemelvaart aangehaal. Die optrede was die gevolge van wat teenswoordig as 'n ,nuwe openbaring' bestempel word. Vreemd is dit bepaald dat Jesus nooit enige melding hiervan gemaak het nie. As sou God van plan gewees het om so 'n groot verandering aan te bring sou Jesus tog sekerlik daarvan in een van Sy diskoerse melding gemaak het. Nietemin teen die einde van Sy Bediening praat Hy wel oor die onderwerp: ,Wee julle skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self.' Dat God dit veroordeel kan nie aan getwyfel word nie.

Diegene wat aanvoer dat Fariseïsme reeds lankal onder die stowwe van die eeue begrawe lê, hoort op die geskiedenis wat nou in aanbou is te let – veral die soort propaganda wat daarop gemik is om die Christelike godsdiens in Judaïsme om te skep. Die Christendom is 'n verlengstuk van Judaïsme, deel die woordvoerders ons mee, en Judaïse–Christendom sou werklik die fatsoenlikste naam vir die geloof wees! Dat dit nog een van die Satansplanne is kan nie oor getwyfel word nie. Net soos al die eeue heen, bestee die duiwel nog steeds al sy energie aan die Israeliete. Die hedendaagse of moderne Israel wil hulle inderdaad ‚kind(ers) van die hel' maak, ‚twee maal erger' as die Edomitiese Fariseërs. Enige Joodse outoriteit sal bevestig dat Judaïsme niks anders as Fariseïsme is nie – die ‚oorlewering van die ou Mense' waarteen die Heer op geen onsekere wyse waarsku. Fariseïsme was aan die Israeliete in die Beloofde Land onbekend voor die Edomiete en diesmeer die land betrek het.

Die Judaïers is in die werklikheid die Sataniese vervalsing van ware Israel en Fariseïsme is die destydse godsdiens-substituut. Daarop is die Bediening van Jesus daarop gemik om Sy volk uit hierdie verwronge situasie te red. Vandaar Sy woorde aan die Jode: ‚Die wat uit God is, luister vir die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie' (Joh. 8:47). Ten opsigte van hulle leerstellinge sê Hy wat die Woord is wat Vlees geword het: ‚. . . my woord (kan) geen ingang in julle vind nie' (Joh. 8:38). Vervolgens beskuldig Hy hulle daarvan dat hulle hul oorlewerings en tradisies in die plek van die Wet van God stel en daarmee Sy Wette en Gebooie kragteloos maak (Matt. 15:2,3,6).

**Die Seel van Waarheid**


Jesus het die Seremoniële Wet voltooi en gefinaliseer toe Hy uit vrye wil op Golgotha gekruisig is. En daarmee het Hy dan ook die Waarheidsseël op die Wet van God aangebring. Die opoffering wat Jesus maak dien die kragtelose Fariseïstiese ‚Tradisies van die Mens' die nekslag in; ekklesiastiese wan-interpretasies is verwerp en die Wet van God tree vir ewig op die voorgrond. Maar, dit is ook die sein vir Satan om sy aanvalle met hernude sluheid aan te pak. Vanaf daardie moment het die vader van leuens (Joh. 8:44) – wat geen moroon is nie soos sy spitsvondigheid wel van getuig – sy aanslag op die Waarheid wat Jesus demonstreer, begin.

Binne die Christelike geloof het verskeie sektes, oftewel ‚kerke' in minder as twee dekades na die Hemelvaart, ontstaan. Vroeg al het hulle mekaar begin verwyt oor meningsverskille ten opsigte van die geloof, hetsy werklik of vermeende. Wat belangrik is, is dat dit die verbrokkeling van die Christelike geloof tot gevolg gehad het. Dit sou blote spekulasie wees om voor te stel dat een of ander middel al aangewend is om verbetering aan te bring, maar wat wel waarheid is, is dat die situasie tot die hede onverander voortduur.

Toe sulke lasterlike dinge soos ‚God is dood' en perversies soos ‚Superstar' en ‚Godspell' nog in die Satan se opslagplek gesluimer het, het George Bernard Shaw tenspyte van sy opvattinge en agnostisisme 'n treffende opmerking oor die godsdiens gemaak. Hy besin oor die toedrag van sake voor die Eerste Wêreldoorlog en in die inleiding tot sy toneelstuk ‚Androcles and the Lion' poseer hy o.a. die vraag: ‚Waarom nie die Christendom 'n kans gee nie?' Shaw se antwoord op die retoriese vraag lyk min of meer so: ‚Na 2000 jaar waarin die mens nog steeds Barabbas bo die Here kies, blyk die vraagstuk nog geensins opgelos te wees nie. Inteendeel begin dit eerder te lyk asof Barabbas 'n mislukking is, ten spyte van sy mag, sy oorwinnings, sy keiserryke, al sy geld, sy kerke, sy moraliteite en sy politieke besittinge. Die man wat hulle gekruisig wou hê is tot nog toe nie 'n mislukking nie omrede niemand nog ooit nugter genoeg was om hom 'n kans te gee nie. Maar hy het een sonderlinge oorwinning behaal. Barrabas het sy naam gesteel en sy kruis gebruik hy as kenteken. Eintlik is dit 'n soort kompliment, of selfs 'n vorm van lojaliteit – soos dié van 'n struikrower sou wees wat al die wette oortree maar ook beweer dat hy patrioties is. Die mens het nog altyd die eienaardige gevoel by hom dat hoewel hy Christus op 'n stok gekruisig het, Christus die beste kant van die stok beetgekry het. As ons beter mense was sou ons Christus se plan

uitgetoets het . . . verantwoordelike mense het nog nooit sulke pogings aangewend nie. Die gegoede, fatsoenlike, bekwame seksie van die wêreld is nog altyd anti-Christen en Barabbaskers sedert die kruisiging; en die spesifieke leerstellinge van Jesus is nog nooit gedurende al die eeue prakties toegepas nie, nóg op politieke gebied, nóg oor die algemeen . .'

Wat ookal die meriete of defekte van Shaw se woorde mag wees, wys hy tereg op die ,Barabbaskerse' triomf oor die Boodskap van die Seun van God. Daar steek meer in die Barabbas-keuse as wat mens dink. By die vertaling van die oorgelewerde Griekse Manuskrip van Stefanus (1552), het die vertalers in sekere gevalle woordvloei bo korrektheid gestel. (Vergelyk die vertaling in Engels).




Soos die foto toon, is daar in die vertaalde sin 'n gaping waar die woord ,die' (Eng. 'the') moet wees. Die sin moes so gelyk het: ,Weg met die (man), en stel DIE Barabbas aan ons vry'.

Volgens ,The Jewish Encyclopaedia' is Barabbas 'n titel en nie 'n naam of van nie. BAR is Aramees (nie Hebreeus nie) en die stamwoord-komponente van die woord is soos volg: BAR, die Aramese woord vir die Hebreeuse woord BEN, wat ,seun' beteken en ABBAS wat die Aramese woord vir ,rabbi' is, m.a.w. die seun van die rabbi. Die woord ABBAS moet ook van die Hebreeuse woord ABBA onderskei word, aangesien die laasgenoemde ,vader' beteken. Die gepeupel het derhalwe daarop aangedring dat hulle nie die man Jesus as regeerder wou hê nie, maar wel die seun van die rabbi (Luk. 19:14). Aldus die mens se keuse van die rabboniese leerstellinge en hul verwerping van dié van die Seun van God.

Die waarskuwings van Christus, die Opgestaande en Triomferende Here, in Sy Openbaringe aan Johannes, word bewustelik deur die mensheid opsy geskuif. Proselitisme soos dit in Fariseïsme vervat is gaan onverpoosd voort. Daar is hoofstukke in die geskiedenis van die mens wat hieraan toe te skryf is maar wat liefs vergeet moet word. Wat die mens nie durf vergeet of verontagsaam nie is die ,Barabbaskerse' besluit wat so lank gelede geneem is en wat in ons leeftyd in die Wêreldraad van Kerke uitkristalliseer – hierdie Raad is die gevolge van die verwerping van die Bybelse Boodskap van die Seun van God. Hierdie instelling, meer as enige ander enkele entiteit toon die tragiese gevolge wat nou waargeneem word.

Die Wêreldraad van Kerke het in 1973 sy vyf-en-twintigste bestaansjaar gevier en die kwart-eeu toon die onmiskenbare gevolge van onoordeelkundige proselitisme. In 1948 was die ledetal 147 kerke uit 48 lande, met Noord-Amerika en Noord-Europese lande in die dominante of toonaangewende posisie. Daar is tans 263 kerke uit 90 lande, waarvan 4 uit elke 10 kerke uit die sogenaamde Derde Wêreld afkomstig is.

Daar is seker min mense wat aanvoer dat die koers van hedendaagse gebeurtenisse tot eer van die Almagtige God strek. Ons sien dat die Jode, die sogenaamde ,uitverkorenes' deelneem aan elke aktiwiteit wat daarop uit is om nasionale en internasionale spanninge te veroorsaak. Mens mag nie veralgemenings maak nie, omrede daar tog diegene is wat werklik die ware Woord van God aan hul kuddes bring, nogtans is die Kerk eerder op revolusie toegespits en is hul doelwit die daarstelling van 'n mens-gemaakte Utopië. Politiek- of kerklikgeoriënteerde doktrines word versprei. En ten midde van alles staan Israel, die nasie wat God as Getuie vir Homself aangestel het; blind vir hul identiteit. ,Wie is blind . . . soos die kneg van die Here?' , . . . Wie onder julle luister na hierdie dinge? Wie merk op, hoor dit ook vir die toekoms?' (Jes. 42:19,23). Pyl Israel nie reguit op uitwissing af nie?

Nogtans, al blyk alles verlore te wees, moet onthou word dat die Heer nooit kapituleer nie. Hy is die Oppermagtige Regeerder van die heelal en Sy Plan sal vir ewig voortduur. En daarom sal Hy ingryp om Sy volk te red sodra Israel sy Barabbas-besluit verander en terugkeer na God.

*** *** *** *** ***

# VALLEI VAN DIE DOOD

In die skeppingsorde is dit nou eenmaal so dat menslike eienskappe en potensialiteite van persoon tot persoon en van een ras tot die ander aansienlik verskil. Hierdie intrinsieke variëteitsverskille kan nie deur middel van opleiding of opvoeding of deur enige ander faktor uitgewis word nie. Hierdie kern-feite nieteenstaande, poog hedendaagse dweepsugtiges nogtans om die gelykheid van alle mensete bewys. Dit is geensins oordrewe om te beweer dat nooit in die hele geskrewe geskiedenis van die mens die oplossing tot die rassevraagstuk ooit so dringend was nie en nog nooit tevore was die mens in so 'n verwarring daaromtrent nie. Alle opreg bedoelde-pogings om duidelikheid en rigting te verkry word deur middel van venynige smeertegnieke doodgesmoor terwyl wêreld-massamedia die deugde van een-wêreldoorheersing onverpoosd en ononderbroke ophemel.

Op godsdiensgebied, of altans dit wat deesdae vir moderne Christelike leerwyse deurgaan, is daar diegene by wie dit 'n obsessie is dat voor God alle mense gelykwaardig is, ongeag hulle ras, kleur of geloof en dat die onderskeid wat op grond van rasseverskille gemaak word die grootste heersende sonde van die moderne wêreld is. Hierdie obsessie stook die vure van politieke fanatisme want dit word al hoe meer duidelik dat die ,,godsdiensgebondewêreldeenheid'' gedagte deur die ,liberale' element aangegryp is om tot eie voordeel aan te wend. En daarby aarsel hulle geensins om die Naam van die Almagtige God te gebruik om hulle standpunte te versterk nie. Om Malcolm Muggeridge aan te haal: ,,As children of God, one human family, there cannot be any intrinsic difference between man and man. To suppose otherwise is the vilest blasphemy.'' (Uittreksel: ,The Times' van 19 Julie 1970).

Na die mening van Mnr. Muggeridge is dit derhalwe godslastering om te veronderstel dat almal wat mens is nie kinders van die Here is nie — dog het Jesus hierdie valse redenering omvergewerp met Sy woorde: ,,Julle het die duiwel as vader . . .' (Joh. 8:44). Hiermee word probleme vir diegene geskep wat etikette aan leerstellinge hang wat nie met hul eie konformeer nie. Nietemin, daar is manne wat op een of ander tyd hierdie ,gelykmakende dogma' weerlê het: Ralph Inge, 'n voormalige Dekaan van die St. Paulse Katedraal, het op 'n keer die opmerking gemaak: ,,The ridiculous dogma that all men are equal is dead if not buried.'' Een van die Aartsbiskoppe van Canterbury beweer ter verduideliking van die Veroordeling van God: ,,In the sight of God all men are NOT equal.'' Volgens Dr. Samuel Johnson, die ortodokse godsdiensgeleerde: ,, . . . mankind are happier in a state of inequality and subordination. Were they to be in this pretty state of equality, they would degenerate into brutes — their tails would grow.'

Dit kom vreemd voor — indien wel — dat nêrens in die Bybel afkeuring teenoor apartheidssieninge uitgespreek word nie. Dit kan immers ook nie so wees nie want anders sou die God van Israel Homself veroordeel aangesien Hy nadruk daarop lê en daarop aandring dat Israel haar status as aparte eenheid voortdurend moet bewaar (Deut. 7:2-6). Dit sou dan ook nie net Sy verbale opdrag wees wat Hy weerspreek nie, maar ook Sy handelinge. In die woorde wat in die mond van die Profeet Amos, gelê is: ,,Want kyk, Ek gee bevel en sal die huis van Israel onder al die nasies skud soos 'n sif geskud word, maar daar sal geen korrel op die grond val nie'' (Amos 9:9).

Andersom, integrasie en rassevermenging of verbastering word deur die hele Bybel absoluut afgekeur. Die beskuldiging wat die Here teen die Pérgamus-gemeente uitspreek, lui: ,,Maar ek het enkele dinge teen jou; dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bîleam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer'' (Open. 2:14). Die Bîleam-leer (Num. 25:1 en 31:16) was die skending van die skeiding van Israel deur integrasie en verbastering met die dogters

van die Moabiete." Die woorde van die Here val hier op: ,,Maar ek het enkele dinge teen jou . . ." En van die dinge, so vind ons, is dié wat met die bestaanbaarheids-leerstellinge te doen het. Dieselfde tema vorm ook die basis van die Apostel Petrus se waarskuwing ten opsigte van die Eindtydperk.

Petrus waarsku in II Petrus 2:1 dat die valse profete van sy eie tyd ook in die toekoms in geprojekteer sou wees en ,,verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het (sal) verloën . . ." Die geldigheid van die profesië is angswekkend veral wanneer daar op sulke hedendaagse modes soos die koppeling van Sy Heilige Naam met sodomie, gelet word. Dat Hy daagliks verloën word hoef ook nie eens genoem te word nie. Die verloëning van die Here is die grootste godslastering. In hierdie hoofstuk word die mens op geen onsekere wyse teen lastering en veral teen godslastering gewaarsku. Die wyses waarop die ,valse leraars' die onnadenkende mens gaan uitbuit om uit hom ,voordeel . . . te trek' (vers 3) word op skrikwekkende wyse verder uitgebeeld d.m.v. voorbeelde. Die dae van Noag word aangehaal asook die infame stede van Sodom en Gomorrah. Hiervan moet afgelei word dat die ,verderflike ketterye' van die ,valse leraars' op heersende toestande van daardie tydperke dui. Die feit dat Jesus na die dae van Noag verwys onderstreep hulle belangrikheid as voorbeeld (Matt. 24:37).

Diegene wat behae daarin het om ondersteuners van die apartheidsbeleid te kasty, kan gerus die implikasies in die verwysing na die ,dae van Noag' vervat, ter harte neem. Diegene wat aanvoer dat separatisme rassisme is en derhalwe die gruwelikste sonde wat deur die mens gepleeg kan word, sal in hierdie hoofstuk sien dat Petrus na ,enkel-wêreldisme' as een van die ,verderflike ketterye' van die Eindtydperk verwys.

Indien op die twee Bybel-insidente waarna beide Jesus en Petrus verwys verder ingegaan word kom historiese gebeure aan die lig wat nie alleen verbysterend is nie, maar alle delusies omtrent die gelykmaking-leerstellinge vir ewig sal uitskakel. By oorweeging en betragting van die twee voorbeelde word dit duidelik dat op twee gedagtes nie gehuiwer kan word nie. Óf die Bybelse verklarings word as waarheid aanvaar, óf die menings van die mens kry voorkeur. Laat die leser soos Paulus sê: ,,Laat God waarheid wees en elke mens 'n leuenaar."

Die ,dae van Noag' en die tydvak waarin hy geleef het word in Hoofstukke 6,7,8 en 9 van Genesis teruggevind. Die inleiding tot dié geskiedenis van Noag is 'n samevatting van die heersende maatskaplike toestande wat ook die veroorsakingsfaktore van die geweldadigheid uiteensit: ,,In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam" (Gen. 6:4). Uit die staanspoor moet daarop gewys word dat in hierdie geskiedenis geen melding van rasse-identifiseeringskentekens gemaak word nie, maar wat wel bevestig word is dat dit hier oor menserasse gaan. Die afstammelinge van die ,reuse' en die ,dogters van die mense' was dus die ,geweldiges uit die ou tyd' – 'n feit wat enige vermoedens, dat die Skrif oor kohabitasie van engele met die mens praat, onmiddellik uitkanselleer.

Sommige wys daarop dat aangesien reuse nie meer vandag bestaan nie hierdie Skrif-gedeelte ook nie meer van toepassing is nie. Die eenvoudigste hulpmiddel in dié geval is 'n Bybel-konkordans wat aan die lig sal bring dat die woord ,reus' onjuiste vertaling van die oorspronklike Hebreeuse woord is: NEPHILIM of NAPHAL beteken, letterlik vertaal, om ,neer te werp, of te gooi' of ,te val'. Dit is hierdie betekenisverskil wat tot die teorie lei dat die NEPHILIM wat met die ,dogters van die mens' gekohabiteer het (vergelyk Adam – Die Youngse Bybelkonkordans), Satan en sy trawante is wat uit die hemel gewerp is (Open. 12:9) en as gevolg daarvan op die aarde neergeval het. Nietemin indien die geskiedenis van die wêreld soos dit deur Paulus opgeteken is, nagegaan word, sal dit gelet word dat daar andere was wat ook geval het – en dat hulle vlees en bloed was. Die laasgenoemdes moes voorwaar ,manne van naam' gewees het, want volgens Paulus was hulle 'n integrale deel van die skepping van die wêreld (Rom. 1:20), en het hulle van die begin af ,Sy ewige krag en god-

delikheid' geken. Dit is duidelik dat Paulus nie na engele verwys nie, hetsy hulle vervalle was of nie, maar wel na mense, wat ,,Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is . . . dwaas geword'' het (vers 22).

Indien die eerste hoofstuk van Romeine deurgelees word sal dit duidelik wees dat dié mense vanaf die begin van die skepping hulle was ,,wat die waarheid van God verruil het vir 'n leuen . . .'' (vers 26)

So is die voorbeeld gestel en het die ontaarding van die samelewing plaasgevind. Die verwording kom voor in Noag se tyd en weer in hierdie tydperk waarin ons leef. Paulus meld verder dat God hulle eenvoudig oorgegee het en hulle toegelaat om in hul wellus te swelg. Van versoening word nie gepraat nie. Het hierdie mense nie van die volmaakte skepping van God weggedwaal nie? Daar kan nie aan getwyfel word nie dat die woord NEPHILIM op hierdie mense dui en dat dit hulle is wat met die ,dogters van die mense' ondertrou het (Adam) en dit word verder gestaaf deur die maatskappy wat ontstaan het waarin hulle voorvaders geswelg het. Om spekulasie oor die samelewe van newelagtige, vervalle engele ,met die dogters van die mens' onnodig te maak of uit te skakel, stel die Bybel die aangeleentheid onmiddellik in die regte perspektief deur om 'n geval van genetiese terugaarding te beskryf; die kinders uit hierdie huwelike gebore, was die ,geweldiges uit die ou tyd' die ,manne van naam'. Van wesens wat half-engel-half-mens is word gladnie gepraat nie; eenvoudig net dat hierdie geweldiges wat hulle verwaandheid en handelswyse van hul voorvaders geërf het, die aarde met geweld vervul het (vers 11).

Die permissieweteit wat ,enkel-wêreld-oorheersing' in Noag se leeftyd vergesel het, het dus die korrupsie van alle vlees ten gevolge gehad. Die Skepper se versperringe is verontagsaam (Hand. 17:26 en Deut. 32:8) en die daaruit voortspruitende integrasie het in plaas van Sy seën Sy veroordeling verdien. Dit is die kern van die hele saak en daarin is die waarskuwing van die Here vervat. Hy sê: ,,En net soos die dae van Noag was, so sal ook die Koms van die Seun van die mens wees'' (Matt. 24:37). Dat huidige maatskaplike toestande gelyk met die van daardie tydvak staan kan nie ontken word nie, en ook nie dat daar diegene is wat intensivering van enkel-wêreldisme aanmoedig nie. Daardie ,herders' wat hul by hierdie beweging skaar en op die gelykstelling van alle mense aandring, hoort notisie te neem van God se optrede in Noag se dae teen dieselfde tipe van samelewing. Hy wat nooit verander sal weereens ook teen die moderne teenhanger optree. Noag, van wie dit geskrywe staan dat hy 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote was (Gen. 6:9) is deur die Here geprys omdat hy die losbandigheid verafsku. Mens kan net dink hoe hy gehoon en uitgelag was.

Daarom het God vir Noag gesê: ,,Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom'' (Gen. 6:13). Dit word oor die algemeen aanvaar dat God hiermee die totale uitwissing van Noag se opstandige tydgenote bedoel. Hierdie sienswyse lewer egter probleme op omdat afstammelinge van die NEPHILIM eeue later in die land van Kanaän aangetref is. Verkenners wat deur Moses uitgestuur is om die land te verken, het met die tyding teruggekeer: ,,Ons het daar ook die NEPHILIM (reuse) gesien, die kinders van Enak, van die NEPHILIM (reuse) afkomstig'' (Num. 13:33). Hoe kon dié gevalle mense se aanwesigheid in Kanaän verklaar word aangesien die Israeliete eeue later eers daar aangekom het, d.w.s. eeue na die Sondvloed? Dit is derhalwe duidelik dat met die woorde ,die einde van alle vlees' iets anders bedoel is as wat gewoonlik aanvaar word.

Die antwoord lê klaarblyklik opgesluit in die geskiedenis van die ,reuse'. Vergelyk in die verband ook Genesis 14:5-6 en Deut. 2: 10-12. Dit is alreeds vasgestel dat die ,reuse' wat die aarde met geweld vervul het, as die NEPHILIM bekend staan en hul nakomelinge as ,die geweldiges uit die ou tyd'. Die woord GIBBORIM spruit 4 aparte hoof-vertakkings, die eerste waarvan die volk is wat as REPHA'IM bekend staan en wat byvoorbeeld in Genesis 14:5 voorkom. Die verwysing kan moontlik lig op die woorde ,einde van alle vlees' werp. Die naam REPHAIM is sinoniem met die dooie, d.w.s. diegene wat fisies lewend is maar wat geestelik dood is. Die woord word ook as ,dood', ,afsterwe', ,oorlede' of ,reuse' in die Bybel vertaal. Voorbeelde hiervan: Job 26:5;

Psalm 88:10; Spreuke van Salomo 2:18, 9:18, 21:16; Jesaja 14:8 en 26:14. Die laasgenoemde Skrif lui: ,,Rephaim (dooie) mense herlewe nie, Rephaim (afgestorwene) staan nie op nie . . ."

Die meeste van die verklaardes van die Skrifte is dit eens dat die Rephaim die opstanding ontken sal word. Dr. William Smith verklaar in sy ,Dictionary of the Bible' (bl.688) in die Septuagint weergawe van Jesaja 14:9, die naam REPHAIM met bokke geassosieer word. Dit tesame met Jesus se eie beskrywing van die beoordeling van die nasies (Matt. 25:32) onderskraag die teorie van nie-opstanding van die Rephaim. Dit sal opgelet word dat in die laasgenoemde teks, die ,bok-nasies' summier verwerp word: ,,Dan sal Hy ook vir dié aan Sy linkerhand sê: ,,Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele" (Matt. 25:41). In Openbaring 11:18 word hierop verder uitgebrei – die dode word beoordeel sonder dat daar enige sprake van opstanding is. ,,En die nasies was vertoornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode (Rephaim) om geoordeel te word."

Die ander familie-vertakkinge van die GIBBORIM staan as die EMIM, ANAKIM, ZUZIM, en die HORIM bekend, maar van hulle word nie veel gehoor nie. In die Heilige Skrifte gaan dit spesifiek oor die geskiedenis van God se Plan om die Satan, in sy voornemens om die ,nasies te verswak', te dwarsboom. Die skepping van die Israel-nasie word onomwonde as deel van die Goddelike Plan aangegee, asook die onvoorwaardelike Geloftes wat God met die Israeliete maak en Sy waarborg dat hulle voort sal bestaan binne die raamwerk van hulle funksies onder die families van die wêreld.

Die ,dooie' nasies word kortliks mee afgehandel. Soos dit vroeer gemeld is, het afstammelinge van die Nephilim die land van Kanaän bewoon toe Israel as volwaardige nasie daarvan besit geneem het. Mens dink hier ook aan Goliath wat letterlik 'n reus was asook aan Gath en Og, die koning van Bashan. Tot watter gevolgtrekkinge omtrent hierdie reuse ookal gekom word, die ,gevalle' mense verdwyn uit die prentjie. Die HORIM kan net hier genoem word. Hulle het die berg Seïr bewoon, en as die Horim voortbestaan totdat Esau wat vir hom 'n Horitiese vrou geneem het onder hulle gaan woon het. Sy koms in hulle midde het verreikende gevolge gehad. Die feit dat sy naam later die naam van Horim vervang, getuig hiervan. Met sy assimilasie van die Horim, verloor hulle met verdrag hul eie identiteit, en daarmee verdwyn die Nephilim uit die Skrifrelaas.

Die projektering van die nie-opstandingsleerwyse tot in die tydperk van die Eerste Koms van Christus hoort ook gemeld te word. Die Sadduseërs was op die tydstip van die Fariseërs vervreem as gevolg van hul opvatting oor die opstanding van die dooies. Volgens die Sadduseërs sal daar nie 'n opstanding wees nie. En waarvandaan kom hierdie sienswyse? Meeste verklarings verwys na die feit dat die Sadduseërs vas geglo het dat die enigste en finale outoritêre Skrif die Pentateug is, en omdat daar in dié deel van die Bybel niks van die opstanding vertel word nie daar nie so iets is nie. Die Rephaim-storie werp 'n ander lig hierop as alternatiewe rede. Indien die Sadduseërs, soos dit uit die geskiedenis blyk, aan die Rephaim verwant was, sou hulle sekerlik van die implikasies ten opsigte van die nie-opstanding bewus wees.

Met hierdie terugblik op die ,dae van Noag' word dit verstaanbaar waarom die Here waarsku dat al hierdie dinge herhaal sal word. Ons word met hierdie waarskuwing eenvoudig na daardie vervloë tye teruggevoer toe God die mens aan homself oorgelaat het, maar Sy latere reaksies in Noag se leeftyd is bekend. Die mens word gemaan dat hy nie passief teenoor die drama van self-vernedering, wat weereens in die geskiedenis afgespeel word, sal staan nie. Die waarskuwing geld derhalwe veral vir diegene wat die gelykmakingsdogma propageer en 'n raslose samelewing nastreef. Die gewigtigheid van die waarskuwing is vandag net so aktueel soos dit in Noag se dae was – dié paadjie lei slegs tot die dood. 'n Beroep word op ons gemaak om aan die Skrif gehoor te gee – uit ,enkel wêreldisme' wat op 'n raslose samelewing gebaseer is, kan vrede nie voortspruit nie en nog minder geniet dit die goedkeuring van die Almagtige Vader. Sy toorn staan op rekord vir almal.

*** *** *** *** ***

# ONS GENETIESE ERFENIS

Daar is baie onderwerpe in die Nuwe Testament wat, omdat hulle nie met die mens se aanvaarde opinie van God ooreenstem nie, óf verwerp, óf geïgnoreer word asof hulle nie bestaan nie. Dit is natuurlik oneerlik en moet ten strengste afgekeur word net soos die gebruik om vertaling uit die oorspronklike tale aan te moedig wat die ware betekenis van die Bybel verbloem. Een voorbeeld van hierdie praktyk word gevind in 'n boek deur 'n Jood van wie baie mense 'n hoë dunk het: ,,Ek kan onthou hoe onthuts ek was toe, terwyl ek besig was om die Nuwe Testament te vertaal, 'n welbekende Christen vir my gesê het, ,As jy dit kan wegpraat dat Christus 'n vloek oor die vyeboom uitgespreek het, sal jy ons 'n groot diens bewys'.'' Dit is tog sekerlik 'n heilige voorreg van elke Christen om die waarheid te soek en te vind – nie om dit weg te praat nie.

Ander aangeleenthede in die Nuwe Testament, omdat hulle nie weggepraat kan word nie, word uit verband geruk en met ander vooropgestelde idees in verband gebring – dit het ook 'n ongewenste uitwerking. 'n Teks buite verband is 'n verskoning. Dit is 'n omsigtige manier om die wanpraktyke in die Woord van God te beskryf sodat die ooreenstem met wat mense graag wil glo wat die Bybel sê. Die teks hierbo genoem is een wat baie keer uit verband geruk word en dan in geïsoleerde vorm aangebied word om die teorie van die ewolusionêre neiging in die geestelike ontwikkeling van die mens te ondersteun. Volgens die teorie sal die mens, met gelyke geleenthede as 'n voorwaarde, 'n gelyke geestesontwikkeling in alle rasse toon.

Die strekking van die Bybel in dié verband is egter in direkte teenstelling met dié teorie en onderskei baie duidelik tussen dié wat die verborgenhede van die koninkryk van die hemele kan aanvaar en dié wat nie kan nie. In die eenvoudigste taal moontlik, hetsy in die oorspronklike Grieks of in die Engelse vertaling, is die woorde van Christus glashelder: daar is diegene wat nie die inherente potensiaal het om die dinge van die koninkryk van die hemel te assimileer nie. Die gelykenis van die saaier en Christus se verduideliking daarvan bevestig dit sonder twyfel. ,,Langs die pad'' en die ,,klipperige'' en ,,doringagtige'' plekke stel mense voor, net soos die ,,goeie aarde'' wat die ,,vrugte van die koninkryk'' voortgebring het. Dit is duidelik dat dit dieselfde soort ,,saad'' was wat gesaai is, maar ontkieming kon nie plaasvind tussen die mense wat as ,,klipperig'' of ,,doringagtig'' bestempel was nie.

Christus waarsku dus teen die sinneloosheid daarvan om voor die voet die ,,saad van die Koninkryk'' deur die wêreld uit te stort, want die reaksies daarop sal net so menigvuldig wees as wat daar rasse in die wêreld is.

In die lig van die uitgebreide sendingwerk van veral die Angel-Saksiese nasies, sal hierdie gedagte teengestaan en self verwerp word omdat dit nie met die Christelike boodskap strook nie. Voor hierdie stelling heeltemaal as heiligskennis verwerp word, sal dit nuttig wees om weer na te vors wat Christus gesê het omtrent diegene wat geen potensiaal het vir begrip van die dinge van die hemelse koninkryk nie. In die vorige hoofstuk van die Evangelie van Matthéüs (die 12e) maak die Here 'n stelling teen 'n biologiese agtergrond waarin hy sê: ,,Addergeslag (Gr. genea: nageslag), hoe kan julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is? Want uit die oorvloed van die hart praat die mond.''

Ons kan natuurlik sê dat die Here verwys het na die toestande van daardie tyd wat boos geword het deur die ,,tradisies van mense'' te volg. In antwoord kan ons daarop let dat die Here nie gesê het dat, omdat hulle ,,sleg geword het'', dit vir hulle onmoontlik was om goeie dinge te sê nie, maar, omdat hulle sleg ,,was''. Dit is 'n uitbreiding van die Ou Testamentiese beginsel wat deur Jeremia, die profeet, aangeteken is: ,,Kan 'n Kusiet sy vel verander of die luiperd sy vlekke? (let op

die biologiese beginsel van inherente fisiese eienskappe) Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen''. Hier is die ,,kwaad'' (Hebreeus – raa – die vernietiging van alles wat goed is) geassosieer met inherente biologiese eienskappe wat, volgens Jeremia, nie verander kan word nie. Dit is, natuurlik, presies wat die Here in sy gelykenis van die saaier sê. Ons moet daarop let dat die Here op geen manier die moontlikheid uitspreek dat ,,die pad'' of die ,,klipperige'' of ,,doringagtige'' plekke deur die een of ander ongelooflike gedaanteverwisseling ,,die goeie grond'' sal word nie – hulle bly net wat hulle is.

Met hierdie feite onuitwisbaar in die Evangelie geskryf, sal baie, heelwaarskynlik, die vinger wys na die slotwoorde van Matthéüs se Evangelie waar Christus in die krag van Sy opstanding beveel het: ,,Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees'' (Mat. 28:19). In die Engelse vertaling van die Griekse teks is die bepaalde ,,die'' weggelaat.

Hierdie weglating maak voorsiening vir 'n universele seëning en maak die gelykenis van die saaier ongeldig; dit maak Christus se stelling dat Hy net een opdrag gehad het – aan die verlore skape van Israel – onsin (Mat. 15:24). Sy opdrag aan die dissipels in Matthéüs word dan 'n niksseggende gebaar. Die insluiting van die lidwoord maak van die verhaal 'n harmonieuse geheel want dit verwys spesifiek na ,,die'' nasies wat die ,,goeie grond'' is waar die saad van die koninkryk gesaai kan word.

Met die Evangelie so duidelik wat hierdie saak aanbetref, sal die Briewe van Paulus seker aangehaal word om aan te toon dat, al het hierdie eksklusiwiteit tot by pinkster oorheers, dit toe vernietig is, en dat alle mense, afgesien van ras of oorsprong, tot 'n geestelike gelykheid verhef is. 'n Versigtige ondersoek van die Briewe sal toon dat dit nie so is nie.

Ons moet daarop let dat Paulus, veral in sy Brief aan die Korinthiërs, terminologie gebruik wat in beide inhoud en verband onmiskenbaar is. Hy skryf aan die ,,heiliges'' of liewer ,,die wat heiliges genoem word''. In Grieks is die woord ,,hagios'' wat ,,apart'' beteken net soos die Hebreeuse woord ,,qodesh'' wat slegs in die betekenis van God se diensknegte – Israel – gebruik word. Paulus brei hierop uit in 1 Kor. 1:10 waar hy skryf: ,,Maar ek vermaan julle, broeders . . .'' Hier verwys hy in sy Griekse manier van skryf na die Israeliete oorsprong van beide die Korinthiërs en van hom (Paulus). Die Griekse woord is ,,adelphoi'' en dit beteken broers wat hulle oorsprong in dieselfde baarmoeder het. Paulus het op Israelitiese afkoms, en wel deur die stam van Benjamin, aanspraak gemaak (Rom. 11:1). Dit voer ons na die Ou Testament terug.

Dieselfde baarmoeder (skoot) waaruit Paulus en die Korinthiërs hulle rasse-oorsprong het, is die spil waarom die grootste gedeelte van die Ou Testamentiese verhaal draai. Dié wat geneig is om ,,die geregtigheid na te jaag'' word aangeraai om die volgende te doen: ,,Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is'' (Jes. 51:1-2). Hierdie mense sou dan besef dat die Israelitiese nageslag van Abraham die produk was van die spesiale skeppingsbedrywigheid van die Here (Jes. 43:1) wat in Sara se skoot 'n ondefineerbare ,,iets'' geplaas het waarop die aandag in later jare gedurig gevestig is. ,,So sê die Here, jou Maker en jou Formeerder van die moederskoot af . . .'' (Jes. 44:2). ,,Luister na my, o huis van Jakob en die hele oorblyfsel van die huis van Israel, julle wat deur My gedra is van die moederskoot af'' (Jes. 46:3).

Daar was klaarblyklik iets lewensbelangriks in hierdie onderwerp van die baarmoeder of skoot waaruit die nasie van Israel voortgekom het, en, as ons onthou dat die Almagtige God Sy Eer, Sy Naam en Sy Eed in hierdie mense geplaas het, volg dit onvermydelik dat Hy 'n kromosoom binne die baarmoeder sou geplaas het wat sou reageer wanneer Hy dit verlang. Geen wonder dat die Here ondertrouing met ander nasies verbied het, want die heilige saad (Esra 9:2) – die aparte genetiese basis van die nasie wat God se diensknegte was – met al sy latente potensiaal, sou dan verontreinig word en die Godge-

aktiveerde kromosoom sou halveer word tot dit uiteindelik sou verdwyn. Die Here, in sy oneindige wysheid, het op 'n pad van nasionale getuienis besluit en het dus 'n nasie gemaak om ,,my lof te verkondig'' (Jes. 43:21). Hierdie nasie het Hy toe van al die noodsaaklike eienskappe voorsien. Begrip van hierdie genetiese fondament van die volk van Israel moet sekerlik diegene stilmaak wat vra: ,,As ons Israel is, wat baat dit?''

In die eerste instansie is die naam Israel 'n Godgegewe naam, wat in besondere omstandighede toegeken is. Die naam ,,Israel'' was aan Jakob gegee na hy die hele nag met die Here geworstel het (Gen. 32:24-30). Israel was egter in die baarmoeder (Jes. 44:1-2) geformeer volgens die Here se begeerte vir die nasie wat hom moes dien en nie as gevolg van 'n konflik met God nie. Volgens die Hebreeus beteken die naam ,,regeer deur God''; dus verwys dit na 'n nasie wat die inherente potensiaal het om deur God regeer te word. Die naam is by Pniel aan Jakob gegee om die merk van Sy identiteit op diegene wat die begeerte het om deur God regeer te word, te plaas.

Wanneer Paulus 'n brief aan sy ,,broers'' rig vistig hy die aandag hierop en tegelykertyd stel hy Israel se neiging om op God se leiding te reageer teenoor die gebrek aan insig by die ,,natuurlike mens''. ,,Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het'' (1 Kor. 2:12). Volgens Paulus was die Israeliete in Korinthe reeds in besit van die Gees van God – dit was 'n integrale deel van hulle samestelling – en in die veertiende vers skryf hy dat in die ,,natuurlike mens'' die Gees van God nie teenwoordig is nie en dat hy daarom nie die dinge van die Gees van God kan verstaan nie. Is dit nie presies wat die Here in sy gelykenis van die saaier gesê het nie?

Dit sal geen doel dien om hier 'n ,,vergeesteliking'' tot stand te probeer bring nie deur vol te hou dat alle mense ,,natuurlike mense'' is tot hulle bekering wanneer hulle die Gees van God ontvang en sodoende ,,geestelike mense'' word nie. Dit sou 'n weersprekıng wees van die woorde van Christus dat die Jode nie die potensiaal het om die dinge van God te verstaan nie (Mat. 13:11). Paulus hou vol dat die ,,natuurlike mens'' nie die dinge van die Gees van God ontvang nie. Hoe kan daar dan gesê word dat alle mense oral ,,natuurlike mense'' is tot bekering plaasvind as hulle nie die noodsaaklike meganisme vir bekering besit nie.

Om nou na die gelykenis van die saaier terug te keer: die ,,woord van die Koninkryk'' word op verskillende maniere ontvang en ons dink aan die volgende woorde van die Here: ,,Moenie wat heilig is aan die honde gee nie; en gooi julle pêrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie'' (Mat. 7:6). Dit is 'n onweerlegbare waarheid dat die Here Israel die bewaarder van Sy waarheid gemaak het. ,,Die verborge dinge is vir die Here onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet'' (Deut. 29:29). ,,Hy maak aan Jakob sy woorde bekend, aan Israel sy insettinge en sy verordeninge. So het hy aan geen enkele nasie gedoen nie; en sy verordeninge dié ken hulle nie. Halleluja!'' (Psm. 147:19-20).

Dit sal nuttig wees om die gelykenis van die saaier se uitwerking wat betref die ,,woord van die Koninkryk'' van nader te beskou, want, terwyl mense die Bybel vergeestelik en daaroor teoretiseer, gaan die waarheid en die werklikheid ongehinderd voort. Totdat Jerusalem deur Nebuchadnessar, die Babiloniese koning verwoes is, is die Heilige Skrif in die Tempel gehou. Die Tempel is afgebrand en die Skrif is vernietig. Die geskiedenis van die tweede oorhandiging van die Skrif vind ons in 2 Esdras 14:20-48, en, hiermee gewapen, het die oorblyfsels van Juda en Benjamin teruggekeer om Jerusalem en die Tempel te herbou. Iets moes met die Skrif gebeur het, want, terwyl dit in die sinagoges gelees is, is die godsdiens van dié tyd op ,,oorlewering'' gebaseer (Mat. 15:6).

Wat het hierdie verwringing van die Skrif veroorsaak? Ons moet onthou dat die Here baie beslis gekonstateer het dat nie aan die Jode gegee was om dié dinge van die koninkryk van die hemel te verstaan nie; hulle het nie die Gees van God gehad wat oorspronklik aan Israel gegee is nie en vir hulle was die

Skrif ,,dwaasheid'' (1 Kor. 2:14). Die etniese samestelling van die Judeërs is in vorige artikels uiteengesit, en herhaling is onnodig behalwe om aan te toon dat hier 'n voorbeeld is van die saad wat gesaai word – die Woord van God wat uitgestort word – op grond wat niks daarmee kon doen behalwe om dit te verwring nie.

Die volgende saai van die saad het plaasgevind toe Rome die Christendom aanvaar het. Wat het die Kerk van Rome met die Heilige Skrif gedoen? Eers het hulle hulle heidense gode gegee. Toe het hulle die Bybel onder die rokke van priesters weggesteek – hulle was al wat gekwalifiseer was om die dinge van God oor te dra! Die Romeinse neiging tot die heidense geloof van ou Babilon kan vandag nog waargeneem word in hulle aanbidding van Maria wat die botoon voer in hierdie skyngodsdiens.

Die Hervorming het die priesters se dodelike houvas op die Woord van God verwyder maar die 1260 jaar van Poulike Roomse beheer bly steeds 'n rekord van bloedige en verderflike verwringing van die Skrif: Die belangrikheid van die Hervorming word nie vandag deur alle mense besef nie. Baie mense besef nie dat dit die Angel-Saksiese-Keltiese en verwante volke insluit op 'n tydstip toe die Here, deur Hosea, gesê het dat hy Sy volk van Israel sou ,,ophef'' (Hos. 6:2). Dit was vanaf hierdie tyd dat die geskiedenis gedeeltelik vervulling van die gelofte aan Abraham opgeteken het – die gevolg van die drang van die Gees binne Israel – en hierdie mense het van die vastelandse skrywers die titel van ,,die mense van die Boek'' gekry.

Nieteenstaande die lesse van die geskiedenis het die ,,nasies en die gemeenskap van die nasies'' die gelykenis van die saaier verontagsaam en hulle uitsluitlike besit, die Bybel, oor die ganse wêreld versprei. Wat was die reaksie? Het dit die nasies van die wêreld verander? Het dit in die nasies die begeerte vir ,,vrede met' God'' opgewek?

Die saai van die Woord dwarsdeur die wêreld het ander opslae gemaak wat 'n uitwerking op die ,,mense van die Boek'' gehad het. Mense buite en behalwe die ware moderne ontwikkeling van Israel het die Bybel in die hande gekry en dit stelselmatig begin vernietig met ,,Hoër Kritiek'' sodat die Angel-Saksiese-Keltiese en verwante nasies vandag nie meer deur sy gebooie gemotiveer word nie. Teorieë in verband met die Woord van die Lewe is weereens mode soos dit was ten tyde van die Eerste Koms van die Here. Ons vind onder andere die ,,God is dood''-teorie; die ,,homoseksuele Jesus''-teorie wat die Seun van God tot 'n godsdiensfanatiek reduseer; die ,,moderne Jesus'' van die Jesus-rewolusie en die ,,weg met die Ou Testament''-teorie. By nader ondersoek is dit duidelik dat alhoewel hierdie teorieë hoofsaaklik in die Angel-Saksiese lande gevind word, hulle hulle oorsprong het in bronne waarvan die rasoorsprong aan ,,hulle vrugte'' duidelik is.

Dit is geen wonder dat die Here Israel bestraf het toe hy gesê het: ,, . . . Skaam julle en bloos oor julle weë, o huis van Israel!'' (Ese. 36:32). Dit is nodig om beskaamd te wees as 'n mens nie die bevele van die Here uitvoer nie; 'n mens moet skaam wees as Sy Wet met opset geweld aangedoen word of as humanistiese en emosionele ideale aan Sy Woord gekoppel word; dis 'n skande om te doen wat die Here gesê het moet nie gedoen word nie. Al hierdie dinge beteken natuurlik niks vir 'n nasie wat besig is om ten gronde te gaan omdat dit geen visie het nie (Spr. 29:18), maar ons moet nooit God verontagsaam wanneer ons te doen het met dinge wat mense wat hy spesifiek vir Sy diens geskape het, raak nie. Die Here het ons verseker dat solank die son, maan en sterre voortduur, die ,,saad'' van Israel voor Hom sal bly voortbestaan. Nieteenstaande die bloedvermenging wat in die moderne ontwikkeling van Israel plaasgevind het, bly die meerderheid in besit van die kromosome wat op God reageer en wanneer die tyd ryp is, so verseker die Here ons, sal hy hierdie kromosome laat begin werk en die nasie wat geskape is om God te dien sal deur die nasies van die wêreld as die seuns van die lewende God gesien en erken word. Die inherente potensiaal om die rol deur God voorgeskryf uit te leef, bly in die nasie voortleef en sal, onder Sy beskerming onaangetas bly solank dit Hom behaag.

*** *** *** *** ***

# WIE OF WAT IS DIE MENS?

*,,Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon''*

(Psm. 8:5-6).

Gedurende die afgelope twee dekades is die Keltiese-Angel-Saksiese wêreld onderwerp aan 'n steeds sterker wordende spervuur van propaganda toegespits op die dogma van gelykstelling. Dit het 'n vernietigende uitwerking gehad, daar min mense besef het dat dit 'n sameswering teen God se dienskneg-nasie, Israel, was. Israel se geskiedenis herhaal homself in die Angel-Saksiese wêreld, want, net soos in vergange tye toe oorloë nie daarin geslaag het om die nasie te vernietig nie, so het dit in die moderne tyd ook gebeur. In vroeër tye het sy vyande die onvermoë van openlike, gewapende aanslag besef en toe teruggeval op 'n subtiele en dodeliker metode, naamlik bloedvermenging. Die geskiedenis hiervan vind ons in Númeri, hoofstuk.22 tot 25. Dat ons dieselfde patroon in die Angel-Saksiese wêreld vind, kan nie weerspreek word nie. Daar is egter 'n bykomende euwel daarin geleë dat die mengelmoes van wanklankige propaganda 'n gees van algehele versaking van die ou standaarde van gedrag veroorsaak en die morele opvattings van reg en verkeerd omvergewerp het.

Voor hierdie propaganda op tou gesit is, is sekere woorde slegs gefluister, daar hulle simptomaties was van die onsedelikste en mees vernederende gedrag waaraan die mens hom kon skuldig maak. ,,Buite-egtelikheid'' was so 'n woord – 'n misdryf net so erg soos verbastering deur bloedvermenging. As gevolg van moderne propaganda het hierdie woord sy stigma verloor en persone wat in vroeër tye deur die gemeenskap verwerp sou gewees het, word nou op gelyke voet aanvaar. Die woorde ,,buite-egtelik'' en ,,baster'' is dus verhef tot die voetstuk van wêreld-idealisme onder die voorwendsel dat die versperring van ,,ras'' sodoende verwyder word, en hierdie versperring word voorgehou as die grootste teenvoeter vir wêreldvrede.

Terwyl ,,basters'' die welwillendheid van elke moontlike kommunikasiemedium geniet, is dit duidelik dat dié wat die teorie van gelykstelling teenstaan, beskou word as die laagste wurms wat ooit onder 'n klip uitgekruip het. Diegene wat onversetlik bly i.v.m. die oordra van hulle raserfenis op toekomstige geslagte word nou rassiste genoem. Hierdie woord word in geen woordeboek gevind nie, maar dra dieselfde stigma as wat baster in vorige jare gedra het – 'n ongelooflike metamorfose. 'n Woord wat in vorige jare as ,,vuil'' beskou is, het die plek ingeneem van 'n ,,skoon'' woord wat nou die onmenslikste gedrag personifiseer en die eertydse ,,vuil'' woord word deur 'n stralekrans van idealisme omring. Omdat hierdie sogenaamde ,,wêreld-opinie'' so belangrik geword het, het dit op die politieke front gewoonte geword – om sodoende stemme te trek – om 'n mens se naam aan die propaganda van ,,een wêreld'' te koppel. Alhoewel hierdie houding nie geregverdig kon word nie, is daar tog verskoning vir die politikus, wat op stuk van sy sake sy professie uitoefen. Wanneer ons by die godsdiens kom, veral by die Christendom, het die ,,professioneles'' geen verskoning nie want die Heilige Woord van God, hulle enige rigsnoer, is baie beslis op hierdie punt en verskaf positiewe riglyne.

Die ,,professioneles'' van vandag hou vol dat ,,apartheid'', d.w.s. liggaamlike skeiding die ,,verfoeilikste sonde voor die aangesig van God en die mens'' is. Word hierdie standpunt deur die Heilige Skrif ondersteun? Eerstens sal ons vind dat die woord ,,apartheid'' wat so prontuit verdoem word, gelykstaan aan die Griekse woord ,,aphorizo'' wat beteken ,,om te skei''. Die woord word in die Here se

Skrif „dwaasheid" (1 Kor. 2:14). Die etniese samestelling van die Judeërs is in vorige artikels uiteengesit, en herhaling is onnodig behalwe om aan te toon dat hier 'n voorbeeld is van die saad wat gesaai word – die Woord van God wat uitgestort word – op grond wat niks daarmee kon doen behalwe om dit te verwring nie.

Die volgende saai van die saad het plaasgevind toe Rome die Christendom aanvaar het. Wat het die Kerk van Rome met die Heilige Skrif gedoen? Eers het hulle hulle heidense gode gegee. Toe het hulle die Bybel onder die rokke van priesters weggesteek – hulle was al wat gekwalifiseer was om die dinge van God oor te dra! Die Romeinse neiging tot die heidense geloof van ou Babilon kan vandag nog waargeneem word in hulle aanbidding van Maria wat die botoon voer in hierdie skyngodsdiens.

Die Hervorming het die priesters se dodelike houvas op die Woord van God verwyder maar die 1260 jaar van Poulike Roomse beheer bly steeds 'n rekord van bloedige en verderflike verwringing van die Skrif: Die belangrikheid van die Hervorming word nie vandag deur alle mense besef nie. Baie mense besef nie dat dit die Angel-Saksiese-Keltiese en verwante volke insluit op 'n tydstip toe die Here, deur Hosea, gesê het dat hy Sy volk van Israel sou „ophef" (Hos. 6:2). Dit was vanaf hierdie tyd dat die geskiedenis gedeeltelik vervulling van die gelofte aan Abraham opgeteken het – die gevolg van die drang van die Gees binne Israel – en hierdie mense het van die vastelandse skrywers die titel van „die mense van die Boek" gekry.

Nieteenstaande die lesse van die geskiedenis het die „nasies en die gemeenskap van die nasies" die gelykenis van die saaier verontagsaam en hulle uitsluitlike besit, die Bybel, oor die ganse wêreld versprei. Wat was die reaksie? Het dit die nasies van die wêreld verander? Het dit in die nasies die begeerte vir „vrede met' God" opgewek?

Die saai van die Woord dwarsdeur die wêreld het ander opslae gemaak wat 'n uitwerking op die „mense van die Boek" gehad het. Mense buite en behalwe die ware moderne ontwikkeling van Israel het die Bybel in die hande gekry en dit stelselmatig begin vernietig met „Hoër Kritiek" sodat die Angel-Saksiese-Keltiese en verwante nasies vandag nie meer deur sy gebooie gemotiveer word nie. Teorieë in verband met die Woord van die Lewe is weereens mode soos dit was ten tyde van die Eerste Koms van die Here. Ons vind onder andere die „God is dood"-teorie; die „homoseksuele Jesus"-teorie wat die Seun van God tot 'n godsdiensfanatiek reduseer; die „moderne Jesus" van die Jesus-rewolusie en die „weg met die Ou Testament"-teorie. By nader ondersoek is dit duidelik dat alhoewel hierdie teorieë hoofsaaklik in die Angel-Saksiese lande gevind word, hulle hulle oorsprong het in bronne waarvan die rasoorsprong aan „hulle vrugte" duidelik is.

Dit is geen wonder dat die Here Israel bestraf het toe hy gesê het: „ . . . Skaam julle en bloos oor julle weë, o huis van Israel!" (Ese. 36:32). Dit is nodig om beskaamd te wees as 'n mens nie die bevele van die Here uitvoer nie; 'n mens moet skaam wees as Sy Wet met opset geweld aangedoen word of as humanistiese en emosionele ideale aan Sy Woord gekoppel word; dis 'n skande om te doen wat die Here gesê het moet nie gedoen word nie. Al hierdie dinge beteken natuurlik niks vir 'n nasie wat besig is om ten gronde te gaan omdat dit geen visie het nie (Spr. 29:18), maar ons moet nooit God verontagsaam wanneer ons te doen het met dinge wat mense wat hy spesifiek vir Sy diens geskape het, raak nie. Die Here het ons verseker dat solank die son, maan en sterre voortduur, die „saad" van Israel voor Hom sal bly voortbestaan. Nieteenstaande die bloedvermenging wat in die moderne ontwikkeling van Israel plaasgevind het, bly die meerderheid in besit van die kromosome wat op God reageer en wanneer die tyd ryp is, so verseker die Here ons, sal hy hierdie kromosome laat begin werk en die nasie wat geskape is om God te dien sal deur die nasies van die wêreld as die seuns van die lewende God gesien en erken word. Die inherente potensiaal om die rol deur God voorgeskryf uit te leef, bly in die nasie voortleef en sal, onder Sy beskerming onaangetas bly solank dit Hom behaag.

*** *** *** *** ***

redevoering oor die einde van die tydperk gevind. Hy konstateer dat Hy die nasies sal skei (aphorizo) soos die skaapwagter die skape van die bokke skei (Mat. 25:32). Die propagandiste vir die een wêreld ideaal is so besig om beide indiwidue en nasies te bastardeer, dat hulle nalaat om te besef dat die Here gesê het dat Hy hulle duistere werk ongedaan sal maak. Ook die Hebreeuse woord ,,parad'' wat gebruik word om 'n spesifieke werksaamheid van God aan te dui (Deut. 32:8), het nou 'n vloekwoord geword en die gruwel wat Hy spesifiek noem ,,Geen baster mag in die vergadering van die Here kom nie; selfs sy tiende geslag mag in die vergadering van die Here nie kom nie'' (Deut. 23:2), is nou verhef tot 'n plek van eer.

Kom ons laat die Ou Testament vireers daar. Dit is interessant om daarop te let dat Petrus, wat met Christus gewandel en gesels het, rasvermenging met die gedrag van diere vergelyk het. Daar sal seker diegene wees wat Petrus as 'n oningeligte visser beskou – nes die Sanhedrin van ouds gedoen het – want Petrus se geskrifte voldoen nie aan hedendaagse intellektuele standaarde en moet daarom as outoriteit op die onderwerp buite rekening gelaat word. Tog het Petrus ongelooflik akkurate inligting gegee wat op die huidige tyd van toepassing is en wat die outoriteit van die Woord van Waarheid dra en wat van die gissinge van die ,,tradisies van mense'' verskil.

Petrus het geluister na die Here Jesus toe Hy gewaarsku het teen 'n herhaling van ,,die dae van Noag'' (Mat. 24:37). Hierdie dae was gekenmerk deur die korrupsie van alle dinge insluitende ,,alle vlees'' (Gen. 6:11-13) en Petrus het op dieselfde trant geskryf van man wat nie ,,kan ophou sondig nie'', want ,,hulle oë was vol egbreuk'' (II Pet. 2:14). Dat die aanklaag van egbreuk aan die einde van die tydperk nog as sonde bestempel sal word, is Christus-verering by uitstek, want Hy het gesê: ,, . . . voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie'' (Mat. 5:18). In Petrus se geskrifte sien ons die verlenging van die Sewende Gebod, ,,Jy sal nie egbreek nie'', dwarsdeur tot aan die einde van die tydperk.

Ons hoor gereeld dat die Sewende Gebod suiwer maatskaplik is en niks met huwelik tussen rasse te doen het nie. As ons egter die Engelse, Griekse en Hebreeus woorde bestudeer, sal ons besef dat, om 'n gegewe voorwerp te besoedel ons 'n ander, verskillende, voorwerp moet hê wat, wanneer dit met die eerste saamsmelt iets onegs, verrots en vervals skep. Dit is duidelik dat om te besoedel, soos op die mens van toepassing (d.i. om egbreek) te pleeg, soos uitdruklik deur Petrus genoem, twee heeltemaal verskillende tipes betrokke moet wees en dit laat ons die vrae vra: ,,Wat is die mens? Wie is die mens? Waar kom hy vandaan?'' Die meeste professioneles, omdat hulle onseker is van die betroubaarheid van Gods Woord, antwoord hierdie vrae deur 'n kompromis met die teorie van Darwin aan te gaan en te konstateer dat die mens die produk is van 'n ,,teïstuese evolusie'' waarin die mens op sy omgewing reageer en, soos by die diere, ontstaan daar dan verskille wat afhang van die omgewing waarin hy hom bevind. Die Bybelstudent wat dit opreg bedoel, is egter nie gewillig om sy geloof in die Almag van die God wat hy aanbid te kompromiteer nie en hy sê onomwonde: ,,In die begin het God die mens in sy eie beeld geskape''. Hierdie woorde van die inleiding tot die Ou Testament of die professioneles dit nou wil hê of nie en dit is duidelik dat hulle dit so wil nie hê nie, want dit repudieer hulle stelling dat alle mense gelyk is en as sodanig geskape is.

Dit is 'n onweerlegbare feit dat die eerste hoofstukke van die Bybel 'n geweldige lang periode dek en dat hierdie tydperk beskryf is in wat ,,telegrafiese taal'' genoem kan word, d.i. die maksimum hoeveelheid feite word in die minimum aantal woorde weergegee. Ons moet dit in gedagte hou wanneer ons die woorde waarmee die skepping van die mens beskryf word in oënskou neem. In normale omstandighede sou dit genoeg gewees het om te gesê het: ,,Laat ons die mens maak'' as dit die begin van die menslike ras was, maar ons moet daarop let dat bykomende woorde gebruik is om 'n spesiale tipe mens aan te dui – een wat in die beeld van God gemaak is. Ons vind ook 'n spesiale beskrywende bewoording in Gen. 2:5 waar daar gesê word ,,en daar was geen mens om die grond te bewerk nie''. Die Skrif sê nie

dat daar geen mens op die aarde was nie, maar dat daar nie 'n mens of mense was met 'n spesiale liefde vir die versorging van die grond was nie.

Die implikasie van hierdie stelling word baie duidelik wanneer ons Gen. 3:1 bestudeer: ,,Maar die slang was listiger as al die diere van die veld . . ." Die metafoor van die slang word hier gebruik om die Satan aan te dui (Open. 12:9) wat, soos gedurig beklemtoon word, verantwoordelik was vir die sondeval van Adam en Eva. Dit is inderdaad eienaardig dat hierdie ,,gesalfde gérub" (Ez. 28:13-15) se sluheid (Hebreeus – arum) teenoor die ,,diere van die veld" gestel word. Die woordgebruik in hierdie beskrywing is uiters interessant want die Hebreeuse woord vir ,,dier" is ,,chaiyah" wat letterlik ,,lewende wese" beteken, en die woord vir ,,veld" is ,,sadêh" 'n woord wat alles behalwe 'n bewerkte land beteken. Dit stel 'n plek voor waar daar geil plantegroei was, maar wat toe gelyk gemaak is. As die bedoeling was om van ,,beeste van die bewerkte land" te praat, sou die Hebreeuse ,,behemath" (viervoetige diere) en ,,yegebim" (bewerkte land) gebruik gewees het. Die sinsnede ,, . . . daar was geen mens om die grond te bewerk nie" stem dus ooreen met die derde hoofstuk waar die ,,lewende wesens wat die grond gelyk maak" genoem word. Uit die geskiedenis weet ons dat die inheemse rasse van Afrika baie lief is vir vleis, maar nie veel aan landboubedrywighede deelneem nie.

Bostaande afwyking verduidelik dat daar geen onnodige byvoeglike naamwoorde in die eerste paar hoofstukke van die Bybel is nie. Die aandag word nou weer gevestig op die eerste hoofstuk: ,,En God het gesê: ,Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis.' . . . En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het hy hom geskape; man en vrou het hy hulle geskape" (Gen. 1:26-27). Die stelling word natuurlik gemaak dat alle mense na God se beeld gemaak is, maar hierdie stelling is op 'n baie oppervlakkige kennis van die Woord van God gebaseer. In eerste instansie moet ons daarop let dat die Hebreeuse woord ,,tselem" hier as ,,beeld" vertaal word. Die woord word dwarsdeur die Hebreeuse geskrifte gebruik wanneer voorstelling, weerkaatse beeld, gelykenis of eweveeld bedoel word. Bo en behalwe dit word die woord ,,gelykenis soos in ,,volgens (of na) ons gelykenis as 'n vertaling van die Hebreeuse woord ,,demuth" gebruik. Dit het dieselfde betekenisse wat hierbo genoem is met ,,eienskappe" of ,,karaktertrekke" daarby gevoeg. Ons lei dus af dat die Hebreeuse woorde wat gebruik word om die skepping van die mens in die gelykenis of beeld van God te beskryf, uitdruklik in hul betekenis is en spesiale aandag vereis.

Daar ,,geen mens God te eniger tyd gesien het nie" (Joh. 1:18), is ons geneig om hierdie onderwerp opsy te skuif as een van die onoplosbare probleme van die Bybel. Verdere inligting vind ons egter in die Nuwe Testament. Jesus Christus het gesê: ,, . . . hy wat My gesien het, het die Vader gesien" (Joh. 14:8). In Heb. 1 word daar van Christus gesê dat Hy was ,,die afskynsel van Sy heerlikheid en die afdruksel van Sy wese" (Heb. 1:3). Die Griekse woord ,,charakter" wat hier as ,,beeld" vertaal word, is hier identies met die Hebreeuse ,,demuth" en gee ons dus 'n goeie begrip van wat ,,die beeld van God is ".

Die aanmerking: ,, . . . hy wat My gesien het, het die vader gesien", het verdere verklarende aanmerkings voorafgegaan. Dit vestig die aandag op die feit dat die Here se ,,werke" was deel van Sy identiteit. In hierdie verband en om te verseker dat sy toehoordes onder geen misverstand verkeer het nie, het die Here die aandag op botaniese verskynsels gevestig, nl. dat vyebome vye dra en die wynstok druiwe voortbring. ,, . . . aan hulle vrugte sal julle hulle ken" Sy ,,werke" of ,,vrugte" is afdoende bewys van Sy identiteit en as ons die sinsnede ,,na die beeld van God" ten volle wil verstaan, moet ons dit in gedagte hou. As ons egter die ,,werke" van God tot wat in Galileë of Judea plaasgevind het, beperk, is ons in 'n doodloop straat, want dit gee maar min om ons te help verstaan wat die term ,,na die beeld van God" beteken. Ons sien egter verder ,,Alle dinge het deur Hom ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:3). ,,Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op aarde is, wat sierlik en onsierlik is, trane sowel as heerskappy en owerhede en magte – alle dinge is

deur Hom en tot Hom geskape" (Kol. 1:16). Hierdie tekse help ons om beter te verstaan, want Hy wat volgens die Beeld van God gemaak is – inderdaad Sy ewebeeld – het Sy ,,werke" en die vermoë om dit tot stand te bring, uitgewys as 'n integrale en Godgegewe metode van identifikasie. Ons sien hoe die Seun dinge skep; ons sien hoe Hy orde uit chaos voortbring en ons sien hoe Hy meegevoel het met, en vir Sy ,,werke" sorg. Identifikasie van hulle wat volgens die ,,beeld van God" gemaak is, moet teen hierdie agtergrond gedoen word.

,, . . . aan hulle vrugte sal julle hulle ken". Die mens, wat volgens die beeld van God geskape is moet 'n soortgelyke skeppingsdrang aan die dag lê, alhoewel, omdat hy ,, . . 'n weinig minder as 'n goddelike wese is (Ps. 8:4-6 en Heb. 2:5), moet hierdie skeppingsdrang noodsaaklikerwys beperk wees. Die mens wat volgens die beeld van God geskape is, moet 'n skeppingsdrang hê en dit is die maatstaf waarmee die rasse deur die eeue heen gemeet is. As dit korrek is dat alle mense volgens die beeld van God geskape is, sou die skeppingsdrang in gelyke mate onder al die rasse van die wêreld verdeel gewees het en elk sou dan ewe veel tot die ontwikkeling van een gemeenskaplike beskawing bygedra het. Die koue, onpartydige feite, soos deur die geskiedenis bewys, vernietig hierdie wanbegrip. Watter ras, van al die rasse van die wêreld, het die geriewe voortgebring wat deur al die lede van die moderne beskawing gedeel en geniet word? Hierdie vraag sal natuurlik as suiwer ,,rassisme" bestempel word, maar dit sal nie die antwoord verskaf nie, en is net 'n manier om die noodsaaklikheid van 'n antwoord te ontwyk. Dit is 'n onweerlegbare geskiedkundige feit dat dit die blanke ras is, wat, deur van sy geweldige skeppingsdrang gebruik te maak, die moderne beskawing verhef het tot wat dit vandag is. Dit is ook 'n onweerlegbare geskiedkundige feit dat die swartman van Afrika totaal van skeppingsdrang ontbloot is. Hy gebruik die produkte van die witman se skeppingsdrang en skree dan sy eise dwarsdeur die wêreld uit dat ander mense sy gebrek aan inherente skeppingsdrang moet aanvul deur gedurig sy ,,onafhanklikheid" wat hy as sy reg beskou, te ondersteun. Verbeel jou, ,,aan hulle vrugte . . .", inderdaad.

Dit is dus duidelik dat die Bybel nie die professioneles se stelling dat alle mense gelyk is, aanvaar nie; dit sê ook nie dat ,,apartheid", d.i., die fisiese skeiding van mense, verkeerd is nie. Die Woord van God sê onomwonde dat God ,,die rasse van die mens geskei het" (Deut. 32:8) en dat wat God geskei het, laat geen mens, professioneel of andersins, weer saamvoeg nie. Ons moet daarop let dat God nie die kwessie van skeiding slegs op die vasstel van grense tussen rasse gelaat het nie (Hand. 17:26) – dit, soos vandag bewys is, is geen waarborg teen die ,,korrupsie (besoedeling) van die vlees" nie. Hy het verder gegaan en die skeiding meer volkome gemaak deur kommunikasie en dialoog tussen rasse te bemoeilik (Gen. 11:7).

Dit ly geen twyfel dat die professioneles bostaande sal verwerp ten spyte van die feit dat dit in die Woord van God geskryf is. Hulle sal dit verwerp omdat dit nie ooreenstem met wat hulle dink is die wens van God nie en omdat dit deel van die Ou Testament vorm. Hulle vergeet dat Christus gesê het: ,,Die mens sal alleen van brood nie lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan" (Mat. 4:4), en die beperkte verstand van die professioneles sal die Onbepaalde, nl. God oordeel en hulle sal hulle oordeel uitspreek oor almal wat hulle indiwiduele en rasionale lewes so inrig dat dit wat God gedoen het, navolg.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Here waarsku teen die dag wanneer 'n ,,hongersnood" Israel sal teister – ,,nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor" (Amos 8:11-12). Die Angel-Saksiese wêreld, God se moderne verteenwoordigers van hulle wat ,,na die beeld van God" geskape is, staan, sonder twyfel, op die rand van 'n afgrond, maar, ten spyte van die tieringe van Satan, kan ons op God se woord vertrou en Hy verseker ons dat Hy Jesus Christus, Sy Seun, 'n magtige verlossing sal stuur, sodat Sy Waarheid nie van die aangesig van die aarde sal verdwyn nie. Die toekoms van die wêreld lê in die hande van God en ons kan almal seker wees dat Hy ons nie sal teleurstel nie.

*** *** *** *** ***

# WIE IS DIE SWART MAN?

Enige antwoord op hierdie vraag moet bloot spekulatief van aard wees, omdat die Bybel niks van hulle herkoms meld nie. Gods Woord laat hom nie oor die onderwerp van Rasse-entiteite uit nie, behalwe oor dié van Adam en dan word net kortliks gemeld van andere wat bots met dié ras. Die enigste manier om hierdie vraag te beantwoord, is om te bewys waar die Swart man **nie** vandaan kom nie.

Eerstens moet ons die bewering dat die ganse mensdom in die Vloed vernietig is, beskou. Alle rasse moet dus uit die drie seuns van Noag ontstaan het. Die Bybel beweer dit nie, maar die mens wel. Eerstens omdat dit nodig is om een van Noag se seuns as voorsaat van die swart man te hê, word Gam gekies. Die insident verhaal in Gen. 9:22, gee aan Noag Goddelike mag. As jy die insident bestudeer, word jy deur die dwaasheid van die bewering getref. Noag wat dronk geword het, en ,,naak in sy tent gelê'' het. Gam, ,,die vader van Kanaän, het sy vader se naaktheid gesien en dit aan sy twee broers daarbuite te kenne gegee'' (Gen. 9:22). Die verhaal gaan voort dat die twee broers ,,die naaktheid van hulle vader bedek'' het en dat hulle ,,die naaktheid van hulle vader nie gesien het nie''. Wat is daar in hierdie verhaal wat dit regverdig dat Noag wakker geword het en nie die skuldige, van die ongenoemde daad, maar Kanaän, die seun van Gam, vervloek het? Watter moontlike regverdiging kan daar bestaan dat dit as 'n basis vir die oorsprong van die Swart Man beskou kan word?

Die ongenoemde ,,daad'' deur Gam gepleeg, kan die bloedskande met sy eie Moeder wees, want in Levitikus 18:8 staan ,,Jy mag die skaamte van die vrou van jou vader nie ontbloot nie; dit is die skaamte van jou vader''. Dit kan moontlik die rede gewees het waarom Kanaän, die nasaat uit hierdie verhouding, vervloek is ,,Vervloek is Kanaän! 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers'' (Gen. 9: 25).

Kennis moet geneem word dat Gam vier seuns gehad het (Gen. 10:6) en dat Kanaän die jongste was. Indien die vloek van Noag, en nie van God nie, sou gewees het dat Gam en sy nasate swart moes wees, Kanaän, Negeragtiges sou voortgebring het. Alle argeologiese uitgrawings in die land Kanaän het getoon dat die mense geen negeragtige karakter- of gelaatstrekke gehad het nie.

Daar is egter 'n ander kant van die saak. Die lering dat die swart man, sy velkleur, 'n gevolg van die vloek is, kan slegs 'n minderwaardigheidsgevoel tot gevolg hê. Die voorpraters van hierdie wilde spekulasie, wat nie deur die Skrif gestaaf word nie, moet die implikasies hiervan herwaardeer.


Ons moet weereens kennis neem dat God niks met die gebeure soos opgeteken in Gen. 9 te doen gehad het nie. Dit is 'n verslag van Noag se spontane reaksie teenoor sy seun waarin hy 'n sosiale, en nie 'n rasse-oordeel oor hom gevel het. Desnieteenstaande is daar nog diegene wat steeds Noagiese oorsprong aan rasse wil gee. 'n Mens wonder of diegene al ooit 'n swart albino ondersoek het? In sulkes ontbreek die swart pigment van die vel. maar nie die negeragtige gelaatstrekke nie — 'n genetiese erflating wat niks met 'n sosiale vloek te doen het nie. Die velkleur is nie 'n gevolg van oormatige blootstelling aan die son nie, maar is 'n genetiese oorerflike faktor.

Dieselfde kan van Jafet die derde seun van Noag gesê word, wie volgens die teorie dat die drie seuns van Noag die voorsate van die rasse van die mensdom is, die vader van die Oosterse ras was. Die geel man, woonagtig in die Verre Ooste, onderhewig aan dieselfde ekwatoriale omstandighede, het sy oorspronklike geel kleur behou, sonder om swart te word, soos die negriede rasse.

Hoe 'n mens die saak ook al beskou, kan die rasse en sub-rasse van die mensdom, nie sy oorsprong by Noag hê nie. Die Bybel kom nie tot hierdie gevolgtrekking nie.

*** *** *** *** ***

# DIE VERBONDSBOODSKAP




*"Oorkant die riviere van Kus (Ethiopie) vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring" (Sefanja 3:10).*

**DIE NASIONALE BOODSKAP VAN DIE BYBEL WAT VAN UITERSTE BELANG IS VANDAG**

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

**SUID AFRIKA SE STAND MET BETREKKING TOT DIE PLAN VAN DIE HERE**

* * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * * *

*Gedruk deur die Uitgewers,*

*The Federation of the Covenant People,*
*Posbus 3178, Johannesburg 2000.*